

AFDELING B.

ONDERWYSERSOPLEIDING IN TRANSVAAL MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BRITSE BEÏNVLOEDING HIER TE LANDE VERAL GEDURENDE DIE EERSTE HELFTE VAN DIE 20 e EEU.

HOOFSTUK 9 .

ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING IN TRANSVAAL:
1838 - 1900.

1. VOORSIENING VAN ONDERWYSERS: 1838 - 1871.

a) ONDERWYSERS IN DIE BEGINJARE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.

Die Groot Trek was 'n georganiseerde versetbeweging van 'n groot aantal grensboere wat nie langer die knellende toestande onder die Engelse bewind in Kaapkolonie kon en wou verduur nie. Verskillende faktore het saamgewerk om die Boere te laat besluit om noordwaarts te trek om in die onbekende hulle te gaan vestig en hulle eie heil uit te werk. Die verengelsingsbeleid, in besonder die verengelsing van die kerk en die skool, was een van die belangrikste redes wat hulle tot so 'n besluit laat geraak het.

Daar was nagenoeg 2,000 skoolgaande kinders by die Trekke,¹⁾ terwyl hulle opvoeding en onderwys deur 'n tiental onderwysers behartig moes word. Die aantal kinders was totaal uit verhouding met die getal onderwysers en die behoefte aan voldoende onderwysers in die gebied ten noorde van die Vaalrivier sou weldra ernstige afmetings aanneem.

Solank die Trek geduur het, was daar 'n aansienlike aantal kinders bymekaar en het die ouers saam vir 'n onderwyser gesorg, maar nadat die Trekkers in die Transvaal elkeen afsonderlik 'n plaas gekry het, het die moeilikhede....

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836 -1900), 18.
Kyk ook: Malherbe: Education in South Africa, 224 -225.
Dr. Lugtenburg bereken die getal leerlinge op 2,000 terwyl dr. Malherbe meen dat daar 1700 was.

1)
likhede met die opvoeding begin. Die gebrek aan onderwysers het die ouers verplig om, net soos dit die gebruik op die Oosgrens voor die Groot Trek was, van die dienste van rondreisende onderwysers gebruik te maak. Hierdie tipe onderwyser was gewoonlik 'n gewese soldaat, matroos, immigrant wat nie met die landsomstandighede bekend was nie of 'n student wat van sy studies 'n mislukking gemaak het. 2)

Die opvoeding van hierdie eerste onderwysers was maar gebrekkig en gewoonlik was hulle net in staat om die elementêre beginsels tuis te bring. Sommige was lui en was miskien beter in staat om 'n span jongasse as kinders te leer. 3)

Omdat daar nie veel tyd vir die onderwys was nie, is aanvanklik nie skoolgeboue opgerig nie. 'n Gedeelte van die sitkamer is gewoonlik afgeskort en daarin het die meester elke môre 'n paar uur met sy leerlinge deurgebring. Die dissipline was streng en die kweperlat is kwistig gebruik. 4)
Die onderwyser het nie 'n vasgestelde salaris ontvang nie, maar is volgens die aantal leerlinge in sy klas vergoed. 5)

-
- /Op.....
- 1) Symington: Onderwys in die Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 2.
 - 2) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 12-15.
 - 3) Spoelstra: Ons Volkslewe, 59.
Dit is aan hierdie tipe onderwyser te wyte dat daar vandag nog aan die onderwyser se amp 'n minderwaardigheid kleef.
 - 4) Ibid., 59. Die seuns en dogters moes hulle ouers help om die nuwe plase bewoonbaar te maak en kon dus nie baie tyd aan skoolgaan wy nie.
 - 5) du Plessis: Uit die Geskiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaners, 223.

Hierin vind ons 'n duidelike beskrywing van die tipe onderwyser en die werk wat hy gedoen het.

So het 'n sekere Jan Gertse hom verhuur aan 'n plaasboer om aan ses leerlinge onderrig te gee. Sy beloning was die volgende:
2 slagskape,
2 emmer meel en 10 riksdaalders per maand.

Op hierdie tydstip toe die geestelike versorging en opvoeding van die jeug in die nuwe tuiste van die Trekkers baie kommer en sorg gebaar het, was die belangstelling vanuit Nederland van onskatbare betekenis. Hierdie invloed het vir meer as 'n driekwart eeu 'n baie belangrike rol op die ontwikkelingsloop van die Transvalers en veral op die onderwys uitgeoefen.

Op 22 April 1840 het J. Swart, dosent en eksaminator aan die Seevaartskool te Amsterdam, vir die eerste keer die aandag op die Trekkers gevestig deur 'n artikel wat hy in "Het Handelsblad" geskryf het. Die belangstelling en meegevoel van sy landgenote is opgewek. G. G. Ohrig van die Handelsfirma Klyn & Co, Amsterdam, het Swart besoek. 'n Skip, De Brazilië, is uitgerus om by Port Natal aan te doen. ¹⁾ J. A. Smellekamp ²⁾ is as superintendent carga aangestel. J. Swart het op eie rekening 'n kas boeke saamgestuur. ³⁾

De Brazilië het op 26 Maart 1842 in Port Natal geland. Smellekamp het sy stukke aan die emigrante oorhandig. Die boeke is afgelewer. Die vreugde het geen perke geken nie. Die Boere het 'n dringende beroep om hulp uit Nederland met Smellekamp saamgestuur: hulle het 'n predikant, skoolmeesters en leerboeke vir die kinders gevra. ⁴⁾

De Brazilië het 'n tweede keer na Suid-Afrika vertrek en op 7 Mei 1843 Port Natal binnegevaar. Intussen is Port Natal deur Engeland geannekseer en moes die skip
/verder.....

- 1) Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, 165.
- 2) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 22.
- 3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 16 - 17.
- 4) Ibid., 17.

verder na Delagoabaai vaar om met die Transvaalse Boere kontak te maak. 'n Aantal waens is uit Potchefstroom gestuur om die predikant, onderwyser en die boeke te gaan haal. Die onderwyser, Martineau, is op die verdere reis oorlede, asook die vrou van ds. P.W. Ham, wat toe maar ¹⁾ weer na die Kaap teruggekeer het. Die eerste onderwyser uit Nederland het dus nie sy bestemming bereik nie en die Boere se nood was nog net so hoog soos voorheen.

Ulrich Gerhard Lauts, hoogleraar aan die Koninklike Instituut vir die Marine in Medemblik ²⁾ het van jongs af 'n warm gevoel vir Suid-Afrika gekoester. Daarom het hy al sy kragte ingespan om meegevoel by sy landgenote vir die Trekkers aan te wakker en het 'n hele reeks artikels hieroor gepubliseer. In 1840 skryf hy 'n artikel met die titel „Verhuizing der Hollandsche Kaapsche Boeren” ³⁾ en in 1841 word dit gevolg deur 'n tweede artikel onder die opskrif „De Kaapsche Landverhuizers”. ⁴⁾ Hierin het hy weer die entoesiasme by sy landgenote vir die Trekkers aangewakker.

'n Handelsmaatskappy is deur bemiddeling van Lauts opgerig en in die statute van die Maatskappy is bepaal dat, as die handelsbetrekkinge tot stand kom, die sedelike en Christelike belange van die Voortrekkers bevorder moes word. ⁵⁾ 'n Skip, die Animo, het onder Smellekamp as opperkoopman op 21 Januarie 1848 vanuit Vlaardingen in Maassluis aangekom. Voor die vertrek van die skip het prof. Lauts op 26 Januarie op die skip van die bemanning en die enigste passasier, Hendrik Theodor Bührmann, wat goeie aanbevelings besit het om as onderwyser op te tree, afskeid geneem

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 17.

2) Ploeger: Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865) : Die Skakel tussen Nederland en die Voortrekkers, 2.

3) Lauts-Kolleksie 1655: Algemene Handelsblad. Amsterdam, 22 April 1840.

4) Lauts-Kolleksie 1655/12. Ibid., 16 April 1841, No.2946.

5) Lauts-Kolleksie 1279. Statute. Art. 3, No. 2.

neem.

Op 18 Februarie 1848 het die Animo uit Hellevoetsluis vertrek en op 28 Junie in Delagoabaai aangekom. Na 'n paar ongelukkige voorvalle het die skip op 11 Augustus na Kaapstad vertrek en weer op 29 Desember 1848 te Hellevoetsluis anker laat val. Die ekspedisie was 'n volslae mislukking en is in Augustus 1849 ontbind.¹⁾

Bührmann het by sy aankoms in Transvaal nie skoolgehou nie en sekretaris van die Volksraad te Andries Ohrigstad geword.²⁾

Die eerste pogings om onderwysers vanuit Nederland te kry, het misluk. Van die Kaap waar die onderwys verenigels is, wou hulle nie hulp hê nie en deur middel van die kerk kon hulle aanvanklik ook nie belangstelling wek nie. Eers in 1847 het die Kaapse Sinode 'n ander houding ingeneem en is noordelike gemeentes min of meer jaarliks besoek. Die predikante het orals, behalwe die bediening van die sakramente en prediking, die jongmense ondersoek en belydenis laat aflê. Die feit dat so baie jongmense aan die eise van die predikante voldoen het, is 'n bewys dat die onderwys en opvoeding van die jeug nie verwaarloos is nie.³⁾

b) DIE EERSTE HOLLANDSE ONDERWYSERS.

Nog voordat die Hollandsche Handel-en Reederijmaatschappij ontbind is, is daar in Junie 1849 deur J.A. Smellekamp pogings aangewend om met die Voortrekkers 'n verbinding tot stand te bring. 'n Amsterdamse koopman en handelaar, J. Pijnappel, /het.....

1) Ploeger: Ulrich Gerhard Lauts, 16.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 18.

3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 18. Die eerste deputasie het bestaan uit di. A. Murray en P. K. Albertyn, en ouderlinge Pienaar en de Wit.

het Smellekamp aangeraai om met die deelnemers van die vorige ekspedisie, o.a. J.C.J. Knegt, te onderhandel.¹⁾ Knegt het hom tot prof. Lauts gewend om van sy kapitaalkragtige vriende te beweeg om aan die nuwe maatskappy geldelike steun toe te sê. Prof. Lauts het sy ondersteuning beloof, terwyl Knegt sou sorg dat Lauts se ideaal, nl. die sedelike belange van die Voortrekkers, verwesenlik sou word.²⁾ Prof. Lauts het in die „Algemeen Handelsblad" en die „Amsterdamsche Courant" twee artikels geskryf om belangstelling vir die ekspedisie aan te wakker.³⁾

'n Brief van Bührmann wat reeds 'n jaar oud was, het in Knegt se besit gekom. Die brief is deur die Volksraad aan die Sinode gerig „ter verkryging van predikante en schoolmeesters."⁴⁾ Die handelaars het voorlopig nie aandag aan hierdie versoek geskenk nie, omdat die hoofde van die ekspedisie hulle nie met die geestelike belange van die Voortrekkers wou bemoei nie. Later het hulle 'n ander houding ingeneem.⁵⁾

Genoegsame fondse is as gevolg van prof. Lauts se propaganda ingesamel en die ekspedisie was nou 'n werklikheid. Prof. Lauts is deur Knegt versoek om die werwing van predikante en onderwysers op hom te neem.⁶⁾ 'n Predikant kon nie gekry word nie, maar die verkryging van onderwysers het beter vrugte afgewerp. Prof. Lauts en ds. W.A. van Meurs het 'n paar oproepe in die „Haarlemsche Courant" en in Het Zondagsblad"⁷⁾ van 4 Augustus 1850 /gedoen ...

-
- 1) Lauts-Kolleksie 49: J. Pijnappel aan prof. Lauts, Amsterdam, 2 Junie 1849.
 - 2) Lauts-Kolleksie 150: J.C. Knegt aan prof. Lauts, 3 Januarie 1850.
 - 3) Lauts-Kolleksie 56: J. Pijnappel aan prof. Lauts, Amsterdam, 23 Maart 1850.
 - 4) Lauts-Kolleksie 59: J. Pijnappel aan prof. Lauts, 29 April 1850.
 - 5) Floeger: Ulrich Gerhard Lauts, 17.
 - 6) Lauts-Kolleksie 163. 22 Oktober 1850.
 - 7) Lauts-Kolleksie 427. J. Huizinga aan ds. van Meurs, 28 Augustus 1850.

gedoen. 'n Aantal onderwysers het as gevolg hiervan besluit om dieper op die saak in te gaan. Prof. Lauts se eerste keuse uit die applikante was Hendrik van der Linden, 'n derderangs onderwyser van Ter Aar naby Alfen aan de Rhynders in de provinsie Zuid-Holland¹⁾. Hy is waarskynlik teen die einde van November deur prof. Lauts aangeneem²⁾. Tweede onderwyser was J.W. Spruyt wat uit Uithoorn afkomstig was³⁾. Die Sinodale Kommissie het ook 'n onderwyser, W.J. Poen⁴⁾ uitgestuur.

In Oktober 1850 het die Maatskappy die Pruisiese brik Eisenbahn gekoop en dit die Vasco da Gama⁵⁾ verdoop. J.A. Smellekamp is as opperkoopman benoem en op 25 Januarie 1850 het die skip uit die hawe van Nieuwediep na Suid-Afrika vertrek met die eerste Hollandse onderwysers aan boord⁶⁾.

Op 29 Julie 1851 het die Vasco da Gama in Delagoa-baai geland. Die drie onderwysers het voorlopig in Lydenburg gebly om vir die volkraadsitting te wag ten einde aanstellings te kry. Die Lydenburgse kerkraad het Poen as onderwyser aangeneem en so het hy dan die eerste skool wat van blywende aard sou wees in die Transvaal begin. Sy salaris is deur die kerkraad betaal en hy is dus sonder tussenkoms van die regering in diens geneem. Aan hom is die taak opgedra om ook die godsdiensoefeninge waar te neem. In verband hiermee moes hy driemaandelikse besoeke in die distrikte aflê⁷⁾.

/Hierdie...

-
- 1) Lauts-Kolleksie 402: H.v.d. Linden aan Prof. Lauts, Ter Aar, 3 Augustus 1850.
 - 2) Lauts-Kolleksie 403: H.v.d. Linden aan Prof. Lauts, Ter Aar, 21 November 1850.
 - 3) Lauts-Kolleksie 417: J. Spruyt aan prof. Lauts, Uithoorn 12 Augustus 1850.
 - 4) Ploeger: Ulrich Gerhard Lauts, 18.
 - 5) Ibid., 19.
 - 6) Ibid., 19.
 - 7) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900-), 39.

Hierdie eerste Hollandse onderwysers was blykbaar vir hulle taak opgelei, maar waar en welke opleiding hulle geniet het, word nie vermeld nie. Prof. Lauts is die eerste persoon wat 'n opleidingstelsel vir die oorvaalse republiek bepleit. In sy skrywe van 6 Desember 1850 aan die Volksraad, stel hy voor dat Van der Linden en Spruyt as hoofde van skole aangestel word. Hulle moes van hulle beste leerlinge as kwekelinge aan die skole oplei. So kon die land dan gaandeweg in sy eie behoeftes voorsien.¹⁾

'n Sekere P. de Moll, onderwyser in Amsterdam, het ook 'n versoek aan die Volksraad gerig om na die Transvaal te kom om 'n volkskool op te rig en 'n vormingskool vir aankomende onderwysers, welke kwekelinge ek het liefst zou willen kiezen uit uwe meestbelowende jongelinge, die daartoe lust en aanleg hadden, en zoo den grondslag te leggen van een geregeld schoolonderwys in de Kolonie.²⁾

Die Volksraad het hierdie aanbod van die hand gewys en van die volkskool en die normaal het niks geword nie. Die redes vir die besluit word nie vermeld nie. Die Volksraad was in hierdie stadium reeds met die twee onderwysers, Van der Linden en Spruyt, opgeskeep. Hulle het hulle briewe vir aanstellings voor die Volksraad gelê. Die vorige onderwysers was almal van die rondgaande tipes en het niks met die regering te doen gehad nie, behalwe dat, as hulle die Republiek ingekom het, hulle 'n permit vir die doel van die Landdros moes kry en aan die Veldkornet moes rapporteer. Die Volksraad wou in hierdie stadium nie eens die verantwoordelikheid vir die aanstelling van onderwysers aanvaar nie, en van onderwysersopleiding was daar dus nie sprake nie.....

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 37.

2) Schutte: Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal. 1838-1942, 26.

nie.

Kort nadat die eerste drie onderwysers uit Holland na Transvaal vertrek het, het prof. Lauts vir ds. Dirk Van der Hoff as predikant vir die Republiek aanbeveel.¹⁾ Ds. Van der Hoff het op 5 November 1852 in Kaapstad aangekom. Nadat hy hom laat legitimeer het, het hy op 14 April uit Kaapstad vertrek en in Junie in Potchefstroom aangekom.²⁾ Saam met dieselfde skip het drie onderwysers uit Holland na Transvaal gereis. Hulle kon slegs aanstellings in die distrikskole kry. Aangesien die betaling van huis-onderwysers slegs 20 ryksdalers per maand was, het hulle maar besluit om in die Kaap agter te bly en betrekkings teen 'n beter salaris daar te aanvaar.³⁾ Die toevloei van onderwysers uit Holland het om finansiële redes op hierdie manier voorlopig opgehou.

By ds. Van der Hoff se aankoms was hy erg ontsteld oor die swak onderwyspeil en die onkunde wat daar onder die mense geheers het. In November 1853, is hy as gevolg van sy ywer en belangstelling in die onderwys van die jeug deur die Volksraad tot Binnen-en Buitelandsch Korrespondent voor Kerk-en Schoolzaken" benoem.⁴⁾ Hy het dadelik al sy aandag aan die opstel van 'n reglement vir die reëling van die aanstelling van onderwysers gewy.

Die bepalinge van hierdie reglement was die volgende:

Art. 1 : Niemand zal zich hier te lande als onderwijzer der jeugd mogen vestigen, dan dien daartoe behoorlyk geregtigd is, en van deze zyne bevoegdheid heeft doen blyken by den Eerw. Kerkeraad, ter plaatse waar de leeraar gevestigd is;

/Art. 2...

-
- 1) Van der Hoff is op 2 September 1814 te Dordrecht gebore en is op 12 September 1833 as student in Leiden in die Godgeleerdheid toegelaat.
 - 2) Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 44.
 - 3) Ibid., 45.
 - 4) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 20.

- Art. 2 : dat er voorlopig op elk dorp niet meer dan een onderwyser zyn mog; daartoe door het Goewernement aangesteld, in overeenstemming met den Kerkeraad;
- Art. 4 : dat als iemand als huisonderwyser op de buitenplaatsen wensch werkzaam te zyn, hy zich zal moeten vervoegen by den Kerkeraad, waar de predikant is, en zich aan een behoorlyk onderzoek onderwerpen; die hem daarvoor een behoorlyk bewys geven zal, ... onderzoek voldoende bevonden is". 1)

Uit hierdie reglement word dit duidelik daar daar moes gesorg word vir die keuring van onderwysers. Ds. Van der Hoff het gesorg dat hierdie reg in sy hande gestel is. Dit was dan ook die begin van die sertifisering van onderwysers in Transvaal na die suksesvolle aflegging van een of ander eksamen.

c. ONDERWYSERS EN VORDERING IN DIE RIGTING VAN OPLEIDING.

Op 7 April 1859 is vir die skool in Potchefstroom 'n skoolkommissie aangestel.²⁾ Die opdrag aan die kommissie was om 'n reglement vir goewernementsonderwysers op te stel.³⁾ Die reglement is op 19 April 1859 ingehandig. Die reglement het bepaal dat 'n goewernementsonderwyser lid van die Ned. Herv. Kerk moes wees en aan die skoolkommissie bewys van sy bekwaamheid en bevoegdheid om onderwys te gee, moes lewer. As gevolg hiervan is daar uiteindelik deur die Algemene Skoolkommissie onderwyserseksamens afgeneem.⁴⁾

Die regering het wel eise vir bekwaamheid en bevoegdheid gestel, maar daar is nie voorsiening gemaak vir 'n plek en metode om dit te verkry nie.

/n Voorwaartse....

- 1) Lugtenburg: Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900); 47-48. Die wet is hier volledig afgedruk.
- 2) Die volgende persone is as lede van die kommissie genoem: A.M. Goetz (Voors.), D.V.d. Hoff, M.W. Pretorius, H.S. Lombard, S. van der B. Poortman (sekretaris).
- 3) Staatscourant der Z.A.R. Vol. 11, 1 April 1859.
- 4) Schutte: Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 28-29.

'n Voorwaartse stap in verband met die opleiding van onderwysers in Transvaal word in art.25 van die reglement gevind. Die artikel bepaal dat elke onderwyser verplig was om 'n ondermeester aan sy skool aan te stel en kennis daarvan aan die Kommissie moes gee. Die onderwyser was ook vir die salaris van die ondermeester verantwoordelik. 1)

Die onderwysbevoegdheid en bekwaamheid van so 'n ondermeester word nie voorgeskryf nie. Dit wil voorkom of die ondermeester niks anders as 'n leerling-onderwyser was wat onder toesig en leiding van die gewone onderwyser vir die onderwysprofessie opgelei is nie.

Die reglement is op 5 Mei 1859 deur die Volksraad 2) onveranderd goedgekeur. Die Volksraad het ook 'n kommissie aangestel om die oppertoesig oor die onderwys in die Republiek uit te oefen. Hierdie „Algemene Kommissie van Onderwys“ het tot in 1867 gefunksioneer. 3) Een van die pligte van die kommissie was om vas te stel of onderwysers in besit was van die vereiste kwalifikasies om aangestel te word. Indien 'n persoon wat aansoek gedoen het ongekwaliifiseerd was, het hierdie kommissie hom geëksamineer en 'n sertifikaat uitgereik. Dit was die eerste eksaminerende liggaam in die Republiek en het gedien as voorloper vir die latere Raad van Eksaminatore. 4)

Die Liggaam het sy eerste eksamen op 2 Maart 1860 afgeneem. Die kandidaat was Cornelis Botha jr., kwekeling

...../te

- 1) Staatscourant der Z.A.R. 11: 73 van 13 Mei 1859, art. 24.
- 2) Staatscourant 11.73 van 13/5/59.
- 3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 27.
Die lede was die volgende:
Ds. D.V.d. Hoff van Potchefstroom,
ds. P.A.C. Van Heyningen van Lydenburg, die staatsprokureur B.C.E. Froes en die goewermentsonderwyser H. Van der Linden van Potchefstroom.
- 4) Lugtenburg: Die Onderwys in die S.A. Republiek. (1836-1900), 68.

te Potchefstroom, wat sy opleiding van meester Van der Linden ontvang het. Die kandidaat was 16 jaar oud. Hy het in die eksamen geslaag en aan hom is 'n vierde klas sertifikaat uitgereik. Hierdie sertifikaat het hom in staat gestel om waarskynlik aan 'n plaasskool 'n aanstelling te verkry.¹⁾

In hierdie stadium is daar reeds 'n begin gemaak op klein skaal om onderwysers vir die skole op te lei. Hierdie metode van opleiding is op die Engelse stelsel van Kay-Shuttleworth gebaseer. Dit is via Holland na die Transvaal oorgebring en so tref ons die eerste spore van Engelse invloed op die metode van onderwysersopleiding in die Transvaal aan.

Die reglement van 1859 het nie bevredigend gelblyk nie. 'n Nuwe wet is op 24 Maart 1866 deur die Volksraad goedgekeur.²⁾ Die algemene bepalings van die wet word deur vier verskillende reglemente gevolg, waarvan die twee laastes op die onderwysers betrekking het.³⁾ Afdeling C bevat die reglement in 19 artikels vir goewermentsonderwysers en afdeling D die reglement in 12 artikels vir distriksonderwysers. As 'n vereiste word gestel dat goewermentsonderwysers 'n bepaalde opleiding, hier of elders, vir hulle werk ontvang het. Hulle moes 'n onderwysrang besit en lede van 'n Protestantse kerk wees. Die inhoud van hulle opleiding word bepaal deurdat daar duidelik opdrag gegee word om onderwys in Lees, Skryf, Rekene, Sang en ander skoolvakke te gee. Ten einde hierdie vakke behoorlik te onderrig, het dit van onderwysers geverg om /opleiding.....

1) Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.Republiek. (1836-1900), 68.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 29.

3) Die eerste twee reglemente handel oor die volgende:
A. Vir die Algemene Skoolkommissie. Pligte en Instruksies.

B. Vir die plaaslike Kommissies.

opleiding in hierdie vakke te ontvang.

Sake is nog verder gesistematiseer deurdat die doelstelling van die onderwys duidelik geformuleer is. Die doel moet wees om die verstandelike en sedelike vermoëns van die kinders te ontwikkel. Organisasie, administrasie en tug is as toerusting van die onderwyser verwag.

Die distriksonderwysers is onderwysers wat buite die dorpe op geskikte plekke die onderwys aan die kinders van die buitemense verskaf. Hulle moes 'n aanstelling van die Algemene Skoolkommissie besit en dit aan die veldkornet in die wyk waar hulle wil skoolhou, toon. Hulle moes in daardie distrik bly en dit alleen met die goedkeuring van die Algemene Kommissie verlaat.

Die laaste 17 artikels dien as "Instruksie aan die Kommissie vir die Afneming van Eksamens vir Onderwysers in die S.A. Republiek." Die Eksamenkommissie is uit 5 lede saamgestel. Onderwysers ontvang 'n toelae mits hulle in besit van 'n diploma van bekwaamheid is. Diegene wat reeds goewermentsalaris ontvang, is van hierdie voorwaarde vrygestel. Die eksamenvakke is die volgende: Lees, Skryf, Reken, Algemene Geskiedenis, Bybelse Geskiedenis, Taalkunde, Aardrykskunde en Pedagogie. Daar sal twee eksamens wees: een vir distriksonderwysers en die ander vir hoofonderwysers. Indien 'n kandidaat die onderwyserseksamen wil aflê, moet by die Uitvoerende Raad of by die Staatspresident aansoek gedoen word. Die Eksamenkommissie ontvang dan opdrag om die kandidaat te ondersoek. Kandidate moet van goeie gedrag en lidmaat van 'n Protestantse kerkgenootskap wees. Indien die kandidaat by die eksamen afgewys word, kan hy by 'n later 1) geleentheid weer aansoek doen om die eksamen af te lê. Die eksamengelde is op 10/- vir die onderwysers- en 30/- vir die hoofonderwyserseksamen vasgestel. Hierdie Eksamenkommissie.....

1)

missie het twee maal per jaar vergader.

Met die in werking stelling van hierdie wet, is daar op die gebied van onderwysersopleiding groot vooruitgang gemaak. Die bekwaamheid van onderwysers word deur middel van eksaminering bepaal. 'n Taamlike bekwaamheidspeil is vereis, want behalwe die skoolvakke is Opvoedkunde ook ingesluit. In hierdie stadium is daar nog nie oor 'n inrigting of metode om onderwysersopleiding te bevorder, gedink nie. Die opleidingsmetode het nog op die kwekelingstelsel plaasgevind.

Engelse invloed het nou ook op die volgende manier begin insypel. Engelse handelaars het in groot getalle die Republiek binnegekom. Daar is gevoel dat dit noodsaaklik was vir die landskinders om Engels grondig te ken indien hulle in die lewe vooruit wil kom. Daarom is daar in art. 3 van die wet van 1866 bepaal dat behalwe die Hollandse ook die Engelse taal onderwys sal word. Die saak is nog 'n stappie verder gevoer, want die Algemene Kommissie is selfs opgedra om by die aanstelling van onderwysers of by die toekenning van 'n diploma aan diegene wat hulle vir 'n eksamen aanmeld, voorkeur te gee aan persone wat in beide Hollands en Engels bevoeg is, sodat die jeug in die geleentheid kan gestel word om ook Engels te leer. Die Kommissie het ook die reg verkry om waar daar reeds 'n Hollandse onderwyser is, ook nog 'n Engelse een aan te stel.

Op 10 Maart 1868 is die Algemene Kommissie afgeskaf en is die onderwys direk onder die Uitvoerende Raad geplaas. Die Uitvoerende Raad het opdrag gehad om onderwysers te eksamineer.....

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 32-33.

2) E.V.R. Maart 1868. Art 381.

eksamineer, en daarom is daar tog 'n kommissie vir hierdie doel aangestel en is hulle instruksies op 24 Maart 1869 gepubliseer.¹⁾

Van nou af sou daar slegs twee onderwyserssertifikate, een vir distriks- en die ander een vir hoofonderwysers, wees. Verder sou daar geen ongesertifiseerde onderwysers in die diens wees nie. Die regulasies is streng toegepas. Sodra daar 'n betrekking aan 'n ongesertifiseerde persoon aangebied is, het so 'n persoon onmiddellik by die Staatspresident aansoek gedoen om geëksamineer te word. Na suksesvolle aflegging van die eksamen, is aan so 'n onderwyser 'n goewermentstoelae of vaste salaris uitbetaal. Hier het ons dus die instelling van die tweede offisiële eksaminerende liggaam in die Transvaal.²⁾ Hierdie metode van sertifisering is nog 'n voorwaartse stap in die rigting van opleiding en sertifisering.

2. ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING IN TRANSVAAL: 1872-1891.

a) ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING ONDER PRESIDENT T.F. BURGERS:

Nadat M.W. Pretorius in 1871 as president van die Suid-Afrikaanse Republiek bedank het, het ds. Thomas Francois Burgers, die eertydse predikant te Hanover, Kaapkolonie, verskillende rekwisisies ontvang om hom verkiesbaar te stel. In sy antwoord op die rekwisisies blyk dit duidelik dat Burgers 'n deeglik uitgewerkte program opgestel het indien hy verkies sou word. Hierin het hy 'n be-³⁾ hoorlike en uitvoerige plan van onderwys ingesluit. Hy /het.....

1) Staatscourant XII van 24 Maart 1869.

2) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 87.

3) Staatscourant, 20 Febr. 1872.

het besef dat die onderwystoestande in die S.A.Republiek baie aandag geverg het; daarom het hy met sy vriend Johan Dibbits in Nederland gekorrespondeer en hom uitgevra oor die moontlikheid om goeie onderwysers vanuit Nederland na die Transvaal te kry. Hy was taamlik seker dat hy verkies sou word, want hy het ook 'n hele aantal boeke oor die ¹⁾ Hollandse onderwysstelsel en -onderwyswette bestel.

Op 1 Julie 1872 is Burgers as president van die S.A. ²⁾ Republiek ingesweer. Die landsomstandighede was in so 'n chaotiese toestand dat hy eers ander dringende sake moes afhandel voordat hy sy aandag aan die onderwys kon wy. In ³⁾ Februarie 1874 was hy met sy ontwerp-onderwyswet gereed. Hy het 'n onderwyswet opgestel wat aan die behoeftes van die Transvaal moes probeer voldoen. Burgers was sterk onder der Hollandse invloed omdat hy in Nederland gestudeer het en het dus die onderwyswet van 1857, 'n skepping van die Nederlandse eerste minister J.J.L. Van der Brugghen as uitgangspunt geneem.

Vir die opleiding van onderwysers is die Burgerswet van belang. Artikel 17 het bepaal dat die onderwys deur hoof-en hulponderwysers, asook deur kwekelinge, manlik sowel ⁴⁾ as vroulik, gegee sal word. Voorheen is die onderwysersamp as vanselfsprekend slegs deur die manlike geslag beoefen. Burgers probeer die probleem van die verskaffing van genoegsame onderwysers oplos deur die amp ook vir die vroulike geslag oop te stel.

In hierdie artikel word die metode van opleiding as die.....

1) Engelsbrecht: Thomas Francois Burgers, 134.

2) Ibid., 110.

3) Staatscourant, 4 Februarie 1874.

4) De Locale Wetten der Z.A.Republiek. 1849-1885, 569.

die kwekelingstelsel vasgelê. Dit was die maklikste metode om vir onderwysers voorsiening te maak aangesien daar nog nie 'n inrigting vir hierdie doel opgerig was nie. Burgers het in sy wet ook gesorg dat onderwysers deur die staat benoem en gekeur word. Daarom bepaal artikel 18 dat aanstelling geskied alleenlik wanneer die applikant in besit van 'n erkende diploma is.

Daar word verder voorsiening gemaak vir die oprigting van 'n inrigting vir hoër onderwys in Pretoria, wat later na Potchefstroom sou uitgebrei word.¹⁾ Dit is dus 'n belangrike voorwaartse stap, want hier is 'n inrigting in die lewe geroep waar daar ook onderwysers opgelei kan word.

Onderwysposte is van nouaf volgens range gegradeer. Onderwysers is in drie klasse en elke klas in twee range verdeel.²⁾

As gevolg van hierdie seleksie is die onderwyserseksamens ook in drie klasse -eerste, tweede en derde- ingedeel. 'n Volledige en uitgebreide leerplan is vir elkeen van hierdie eksamens voorgeskryf. In hierdie leerplanne is nie slegs die vakke van die laer-en middelbare skool ingesluit nie; dit vereis ook 'n studie van skoordisipline, orde en tug, metode van onderwys en die geskiedenis van opvoeding. Ten einde die Tweedeklas-en Eersteklas-onderwyserseksamens af te lê.³⁾

Die eise wat aan die onderwyssertifikate gestel is, het definitiewe voorbereiding 'n noodsaaklike vereiste gemaak. Die verskillende onderwysposte is in orde van belangrikheid gegradeer en slegs persone wat die erkende kwalifikasies.....

1) De Locale Wetten der Z.A.Republiek. 1849-1885, 568.

2) Daar was dus ses verskillende range.

3) De Locale Wetten der Z.A.Republiek. 1849-1885, artikels 73-141, 576 - 582.

... kwalifikasies besit het, kon vir dergelike kwalifikasies in aanmerking kom.

Burgers se onderwyswet het ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys. Hy sou die oppergesag oor die onderwys in die Republiek hê en sou vir 'n periode van 7 jaar aangestel word. Die pos is deur 'n Hollander W.J. Van Gorkom gevul. ¹⁾ 2)

Die Burgerswet is eers met die aanstelling van Van Gorkom op 15 Februarie 1876 in werking gestel. Die gimnasium is op 5 Mei 1876 met vier leerlinge geopen. In die begin van Augustus is die eerste publieke eksamen gehou. ³⁾

Die Burgerswet het baie teenkanting ontvang en as gevolg van omstandighede kon dit nooit ten volle in werking gestel word nie. Burgers het die sertifisering van onderwysers duidelik omskryf en sy onderwysers uit Nederland gewerf. Engelse invloed is op die manier uitgeskakel. 'n Begin is ook gemaak om fasiliteite vir 'n opleidingsinrigting daar te stel. Transvaal is egter op 12 April 1877 geannekseer. Van die bepalings van die Burgerswet het niks gekom nie, alhoewel dit eers deur Wet No. 10 van 1880 herroep is. ⁴⁾

b) ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING ONDER ENGELSE BESTUUR: 1877 - 1881.

Op 12 April 1877 is die Transvaal deur Engeland geannekseer. Op 4 Junie het Shepstone sy huisdokter, J. Vacy Lyle, as Superintendent van Onderwys aanstel met die opdrag om 'n ondersoek in te stel na die onderwystoestande in die Transvaal. Terwyl Lyle met sy ondersoek.....

1) Arts. 66-72, 576.

2) Engelsbrecht: Thomas Francois Burgers, 138.

3) Ibid., 142.

4) De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, 765.

soek besig was, het dii. H.S. Bosman van Pretoria en J.P. Jooste Potchefstroom die saak van die onderwys onder die nuwe regering sterk bevorder. Ds. Bosman het as jong man sterk onder invloed van dr. Andrew Murray gekom en nou ook dr. Murray se voorbeeld in verband met die onderwys gevolg. In 1873 het dr. Murray in Wellington 'n opleidingsinrigting gestig. Hy het dit die Huguenot Seminary genoem, Die inrigting was op Amerikaanse model ingerig en was van 'n Engelse personeel voorsien.¹⁾

In 1877 het ds. Bosman voorbereidsels gemaak vir die oprigting van 'n Engelse meisieskool, die Prospect Seminary in Pretoria. Hierdie skool was gebaseer op die patroon van die Mount Holyoke Seminary in Amerika en die personeel is ook in Amerika gewerf.²⁾ Die inrigting het suksesvol begin en binne die eerste jaar was daar reeds 80 leerlinge op die register. Ds. Jooste het ook daarin geslaag om 'n soortgelyke skool in Potchefstroom te stig.³⁾

Die oprigting van hierdie Engelse middelbare skole het die lot van die gimnasium verseël. Op 28 Julie is hierdie inrigting gesluit.⁴⁾ Die opleiding van onderwysers onder hierdie stelsel is ook ongedaan gemaak.

Dr. J. Vacy Lyle het sy verslag opgestel en dit is in die begin van 1879 gepubliseer.⁵⁾ In verband met die onderwysers is Lyle se bevinding dat die rondreisende onderwyser goeie werk verrig. Weens die omstandighede van die land moet hierdie tipe onderwyser nog gebruik word. Hulle moet egter aangemoedig word om hulle kwalifikasies te verbeter.....

-
- 1) Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys. 1836-1907, 155.
 - 2) du Plessis: The Life of Andrew Murray of South Africa, 296.
 - 3) Lugtburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A. Republiek. (1836-1900), 118-119.
 - 4) Ibid., 120.
 - 5) Transvaalsch Gouvernements Courant: 7 Jan. 1879.

1)
verbeter .

Die Superintendent beveel verder aan dat soveel as moontlik van plaaslike talent gebruik gemaak moet word vir die opleiding van onderwysers. Die metode waarvolgens hulle opgelei moet word, is die kwekelingstelsel. Dr. Lyle beveel ook aan dat die twee skole te Potchefstroom en Pretoria daartoe moes oorgaan om onderwysers op te lei. 2)

Dr. Lyle beveel hier die Engelse stelsel aan waarvolgens onderwysers moes opgelei word. 'n Voorwaartse stap is ook dat die Superintendent definitiewe opleidingsinrigtings aanbeveel. Ongelukkig het hy hierdie aanbevelings nie lank oorleef nie. Hy is binne 'n paar maande oorlede en ds. H.S. Bosman is tydelik in sy plek aangestel. 3)

Ds. Bosman het op 19 Februarie 1880 sy eerste verslag oor die onderwys uitgebring. 4) In hierdie verslag verwys hy na die gebrek aan behoorlik opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers wat van 'n goeie sedelike karakter is:

Het is een bekend feit dat verscheidenden van onze "onderwijzers personen zijn die mislukt in andere ambachten, het onderwijs bij de hand hebben genomen als eene oogenschijnlijk gemakkelijke wijze om aan de kost te komen... Is het te verwonderen dat onze onderwijs uitkomsten tot heden zoo uiterst gering geweest zijn?" 5)

Ds. Bosman is die mening toegedaan dat onderwysers ~~aan~~ die Normaalskool in Kaapstad of ander dergelike inrigtings in Suid-Afrika gewerf word. Engeland, Skotland en Holland kan volgens hom nie in die behoeftes van Transvaal voorsien nie. Hy waarsku ook dat, dat waar die onderwyser /net/

-
- 1) Rapport van dr. Lyle. art 85.
 - 2) Transvaalsch Gouvernements Courant: 7 Jan. 1879.
 - 3) Goewermentskennisgewing No. 73 van 1879.
 - 4) Staatscourant der Z.A. Republiek, 20 April 1880.
 - 5) Art. 15.

1)
net een taal praat, die skool nie sukses sal hê nie. Hy spreek die hoop uit dat onderwysers voortaan van inrigtings waar hulle tweetalig opgelei is, gewerf moet word. Hierdeur sou die Engelse invloed nog geld, maar sou hy eintlik 'n voorstander van die parallelmediumrigting word.

Ds. Bosman beveel ook die aflegging van 'n onderwyseksamen deur leerlinge uit al die dele van die Transvaal aan. Aan kandidate wat minstens twee-derdes van die aantal punte behaal, sou 'n goewermentsertifikaat van bevoegdheid om onderwys te gee, uitgereik word. Die eksamen sou die volgende vakke insluit: Skrif, Diktee, Rekene, Hollandse en Engelse Spraakkuns, Hollandse en Engelse Opstel, Engelse en Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Natuurkunde, Wetenskap, Sterrekunde en Natuurkundige Aardrykskunde. Hierdie eksamen kan as die voorloper van die Schoolwedstryd beskou word. Dit is as toelatingsvereiste beskou vir persone wat die Derdeklasseertifikaateksamen wou aflê.
2)

Die Republiek is op 13 Desember 1880 te Paardekraal opnuut geproklameer en na die slag van Majuba op 27 Februarie 1881 is die vrede op 22 Maart onderteken. Die Konvensie van Pretoria, 8 Augustus 1881, het bepaal dat die Transvaal weer eens 'n onafhanklike Boere-Republiek geword het.

c) ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING ONDER
DS. S. J. DU TOIT: 1882 - 1888:

Die Driemanskap het dadelik aandag aan die onderwys gegee. 'n Nuwe Superintendent van Onderwys moes aangestel word. Die keuse het op ds. S. J. du Toit geval. Du Toit het in Maart 1882 met sy gesin
/in.....

1) Art. 16.

2) Schutte: Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 40.

in Pretoria aangekom. Hy het voor sy aankoms die Staatsekre-
taris versoek om die sewe artikels „voor eene Wet op het
lager-en middelbaar onderwijs“ wat hy opgestel het in die
Staatskoerant te publiseer.¹⁾ Twee weke later het die Uit-
voerende Raad die besondere bepalinge, die bepalinge vir
die inrigting vir hoër onderwys en 'n kommissie van eksami-
natore breedvoerig bespreek en goedgekeur.²⁾ Op 4 Mei 1882
het die Volksraad, nadat daar 'n paar wysigings aangebring
is, al die artikels goedgekeur.³⁾ In die toekoms sou dit
as Wet No.1 van 1882 bekend staan.⁴⁾

Vir die opleiding van onderwysers is hierdie wet van
groot belang. In artikel 1(c) word bepaal dat daar 'n inrig-
ting vir hoër onderwys, ver naamlik vir die opleiding van
onderwysers, opgerig moes word. Artikel 4 maak voorsiening
vir die verdeling van onderwys in elementêre, middelbare en
hoër onderwys. Die stigting van 'n inrigting vir hoër onder-
wys het voorsiening gemaak vir die oprigting van 'n op-
leidingskool met ses afdelings, waarvan die eerste afdeling
'n pedagogiese was. Hier kon onderwysers opgelei word
meer bepaald in de opvoedkunde en 't schoolbestuur”.⁵⁾

Die inrigting sou in Pretoria opgerig word, sodat die
onderwys en opvoeding binne die bereik van die jong Trans-
valers gebring kon word. In hierdie staatskool kon onderwy-
sers en amptenare opgelei word om in die behoeftes van die
Transvaalse skole en regeringsinrigtings te voorsien.

'n Begin is met die normaalskool gemaak. Op 10 Jan.
1883 het W. Louis die betrekking as hoof van die inrigting
aanvaar. Daar is maar tydsam gewerk en voorlopig is daar
/nie.....

1) R.1541/82 by R.5500/82. Ds. S.J. du Toit aan Staatsekr.
Paarl, 18 Nov. 1881.

2) Not.U.R., 28 Maart 1882, Art. 112.

3) E.V.R., 4 Mei 1882, Artikel 43.

4) De Locale Wettem der Z.A.R., 1609 - 1073.

5) Ibid., 1074.

nie gehaas om onderwysers vir die eksamens voor te berei-
nie. Op hierdie tydstip was daar nie 'n tekort aan onderwy-
sers nie. Die Superintendent het in sy jaarverslag van
4 Mei 1882 verklaar dat die opleidingskool voorlopig maar
net die kern van die saak moes uitmaak.¹⁾ Hy het voorts ver-
klaar dat hy 25 applikante op sy waglys het om betrekkin-
ge in die Transvaal te aanvaar. Van hierdie getal was daar
'n hele aantal bekwame onderwysers uit die Kaapkolonie en
die Oranje-Vrystaat wat begerig was om die jong geslag
van die Republiek op te voed. Dit was dus nog nie nodig om
ernstige aandag te gee aan die opleiding van onderwysers
om aan die behoeftes van die Transvaal te voorsien nie.

Die Superintendent was ongetwyfeld ten gunste van in-
voering van onderwysers uit die buurstate en daarom is 'n
eie opleidingsinrigting nie op groot skaal georganiseer
nie. Hy moes ook sy invloed gebruik het om onderwysers vanuit
die Kaapkolonie te werf, anders sou daar nie so 'n groot
aantal name op die waglys gewees het nie. Hierdie onderwy-
sers is volgens die Engelse stelsel opgelei en sou Engelse
invloed na die Transvaal oordra. Dit het die Superintendent
blykbaar nie gehinder nie.

Die nuwe Superintendent van Onderwys het aanvanklik
vertroue ingeboesem, maar die verhouding tussen die Staats-
president en die Superintendent van Onderwys het gedurende
die besprekings van die Volksraad in 1885 begin wankel.
Daar het meningsverskil oor die beginsels van 'n nasionale
opvoeding in verband met die taalonderwys ontstaan.

Die uiteenlopende opvattinge het tydens die Volksraad-
sitting van 1886 weer in verband met die eksaminering
van onderwysers voorgekom. Art. 8 van die wetsontwerp het
/as.....

1) Staatscourant der Z.A.Republiek, 2 Mei 1883.

as volg gelees:

De Raad zal de vereischten voor de verskillende examens zooveel mogelijk gelijk stellen aan de vereischten voor dergelijke examens in de naburige Staten en Koloniën van Zuid-Afrika en zal trachten wederzijdse erkenning te verkrijgen voor de graden hier en daar uitgereikt" 1)

Een van die Volksraadslede ,dr. E.J.P.Jorissen,het op die gevaar van so'n stelsel gewys.Hy was bang dat Suid-Afrika die Suid-Afrikaanse Republiek sou doodmaak en wou nie 'n Raad van Eksaminatore hê wat die vereistes in ooreenstemming met die Kaaplandse eise stel nie. Die Suid-Afrikaanse Republiek moes vry gehou word van Engelse invloed.²⁾ Dit was ook Kruger se standpunt.

Die Superintendent het in sy antwoord duidelik getoon dat sy opvatting van die van Kruger en die Transvalers verskil het.Sy antwoord het hy in die vorm van 'n vraag as volg gestel:

"Zijn wij dan door de Vaalrivier afgesloten als "China door zijn muur....Was het volk niet uit een bloed van Tafelberg af tot aan de Zambezie toe?"

Ds. Du Toit het hier op die gedrag van die Kaaplandse Afrikaners gedurende die anneksasie van Transvaal gesinspeel en op grond daarvan het hy samewerking, ook op onderwysgebied, bepleit.³⁾

Die Superintendent het hier twee sake met mekaar verwar, nl. die houding van die Kaaplandse Afrikaners teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek en die eise wat die Kaaplandse eksaminerende liggame aan hulle kandidate gestel het.Die eise was,soos die hele Kaapse Onderwysstelsel, deur en deur onder Engelse invloed en dit sou 'n fatale uitwerking op die nasionale stelsel van die S.A.Republiek.....

-
- 1) Wet No.1 van 1882 soos deur Wet No.13 van 1886 gewysig.
 - 2) Not.V.R.,10 Junie 1886,Artikel 487.
 - 3) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds.S.J.Du Toit en dr. N.Mansvelt.1881-1900,37.

blik hê.

Dr. Jorissen het die Volksraad versoek om die vereistes vir die eksamens vas te stel. Sy teenkanting teen die Superintendent se politieke sienswyse het hy skerp as volg gestel:

Hy moest zeggen, dat hij behoorde onder die onbillijke menschen. Hier in de Volksraadzaal der Zuid-Afrikaansche Republiek maakte hij geen wet voor de Kaapkolonie, en in de tweede plaats niet voor degenen voor wie de grenzen der Zuid-Afrikaansche Republiek te nouw zijn, die altijd over de Vaalrivier kijken en naar de Kaapkolonie omzien... Hij wilde geen gelijkstelling van de vereischten." 1)

Die Staatspresident het aan die kant van dr. Jorissen gestaan en het alles in sy vermoë gedoen om Nederlands-Transvaalsche samewerking as teenwig teen Engelse invloed uit die Kaapkolonie, Natal of regstreeks uit Engeland te bevorder. Tydens 'n besoek aan Nederland in 1884 het die Staatspresident hom as volg uitgelaat:

Van harte hoopen vertrouw ik, dat onze vriendschap steeds meer en meer moge toenemen en dat de band, die ons vereenigt, al sterker en sterker zal worden en leiden zal tot uitbreiding van de punt van Holland in Zuid-Afrika." 2)

Die Staatspresident het verskillende skole in Holland besoek en die jong Hollanders aangevuur om na die Republiek te kom. 3) Daar het 'n groot behoefte aan jong Christelike onderwysers bestaan en hulle sou baie welkom in die nuwe vaderland wees. 4) President Kruger het self die voorbeeld gestel, deur 'n onderwyser, J.E. Van Minnen, wat aan die Vrye Universiteit van Amsterdam studeer 5) het, vir twee jaar lank by hom in sy huis te neem.

Die Staatspresident het terselfdertyd ook die
/moontlikheid.....

1) Not.V.R., 15 Junie 1886, Artikel 52.

2) De Volksstem, 8 April 1884.

3) Floeger: Onderwys en Onderwysbelaeid in die S.A. Republiek onder ds. S.J. Du Toit en dr. N. Mansvelt. (1881-1900), 47.

4) Ibid., 48.

5) O.R. 6842/95. J.E. van Minnen - Supt. van Onderwys, Kaapstad, 10 Sept. 1895.

moontlikheid om jong mans uit die Suid-Afrikaanse Republiek aan Nederlandse inrigtings vir onderwysers te laat oplei, bespreek. Die gevolg was dat die Volksraad op 13 Augustus 1884 met dankbaarheid die aanbod van die besture van die opleidingsinrigtings te Doetichem en die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereeniging aanvaar het om jong mans aldaar op te lei.¹⁾

Die Superintendent van Onderwys het opdrag ontvang om in medewerking met die verskillende skoolkommissies in die S.A. Republiek 'n kommissie van 4 lede te benoem om aansoeke aan te vra en die keuring van studente waar te neem.²⁾

Hierdie metode van opleiding is 'n waarborg dat die Hollandse element in die Republiek versterk sou word en dit is 'n veilige metode om Engelse invloed te werk.

Die Superintendent se houding in verband met die onderwys en die werwing van onderwysers uit die Kaapkolonie, het hom baie onpopulêr gemaak. Die Staatsprokureur van die Suid-Afrikaanse Republiek, dr. W.J. Leyds, het hom ook met die saak ingelaat, alhoewel hy nie regstreeks by die onderwys betrokke was nie. In 1885 skryf hy aan een van sy oud-leermeesters in Holland dat byna al die onderwysers in Transvaal hulle opleiding aan Kaaplandse inrigtings gehad het en geglo het dat 'n mens die wetenskap alleen in Engels, in Engeland, en van die Engelse kon leer. Hy skryf verder dat hierdie onderwysers daarvan oortuig is

"dat al het goede, dat op deze wereld te vinden is, na onzen Lieven Heer te danken is aan de grootste natie ter wereld, de Engelsche." 3)

Hy het sy invloed gebruik by die Staatspresident om /te.....

-
- 1) De Locale Wetten der Z.A. Republiek. 1849-1885, 1259.
 - 2) Not. V.R. 4 Augustus 1885, Art. 1136.
 - 3) L.A. 250. Dr. W.J. Leyds aan prof. G. Van Hamel, Pretoria 1885.

verhinder dat ds. S.J.Du Toit weer as Superintendent van Onderwys aangestel word. Dr. Leyds het 'n praktiese nasionale opvoeding voorgestaan en was gekant teen ds. Du Toit se idee van 'n, verenigde Suid-Afrika en sy anti-Hollandse en pro-Engelse houding ten opsigte van die taalmedium wat vir die onderwys, onderwysersvoorsiening sowel as -opleiding groot gevaar ingehou het. Die Staatspresident het Leyds belowe dat hy nie weer vir ds. Du Toit sou aanstel nie. Op 1 Januarie 1888 het ds. S.J.Du Toit sy ontslag gekry.

Die Onderwyswet van ds. Du Toit het wel vir 'n opleidingsinrigting voorsiening gemaak, vmaar van werklike opleiding het nie veel tereg gekom nie. Die Superintendent het sy onderwysers liever uit die Kaapkolonie en ander buurstate gewerf as om deur opleiding in eie behoeftes te voorsien. Daar is sekere voorwaardes neergelê vir die onderwysers alvorens hulle aangestel word. Hulle moes van goeie sedelike karakter en in besit van 'n erkende sertifikaat wees. Maar die Superintendent gee nie 'n aanduiding van die ontwikkelingspeil en kwalifikasies van onderwysers nie.

Deur die verspreide belangstellings, die siening en lewensbeskouing van die Superintendent van Onderwys is hierdie aspek van sy program baie verwaarloos en word die ongunstige toestand van die onderwys in die pers uiteengesit.

Dit is egter nie regverdig om al die skuld op die skouers van die Superintendent te pak nie. Baie ouers het ook skuld gehad omdat hulle ongesertifiseerde en swak onderwysers in diens geneem het aangesien dit goedkoper was. Vir baie was dit nog die hoofdoel van die opvoeding om die kinders vir die belydenis voor te berei.¹⁾

1) De Volksstem, 10 Maart 1887. Kyk ook: Not.V.R. 1892, Art 45, 11 en 12.

a) ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING ONDER H. STIEMENS.

Nadat ds. S.J. Du Toit sy ontslag as Superintendent van Onderwys ontvang het, is 'n oud-onderwyser, Hendrik Stiemens,¹⁾ as waarnemende Superintendent van Onderwys aangestel. Hy het sy werksaamhede op 1 Februarie 1888 begin. Die nuwe Superintendent was reeds 68 jaar oud toe hy die betrekking²⁾ aanvaar het en sy geestestoestand het te wense oorgelaat.

Die onderwystoestand was op hierdie tydstip ongesond. Stiemens moes met die slegte erfenis sukkel en weens sy ouderdom was hy nie in staat om veel uit te rig nie. Die Transvalers het ongeduldig geword en raadslid Schalk Burger het in die Volksraadsitting voorgestel om van die orde af te wyk om die nodige verandering ter bevordering van³⁾ die onderwys en onderwysersopleiding aan te bring.

Die saak op 29 Mei 1889 te berde gebring en die Volksraad het besluit dat die regering die volgende wysigings moet aanbring:

- i) Groter aanmoediging aan gekwalifiseerde onderwysers;
- ii) 'n beter reëling in verband met die inspeksie van skole;
- iii) wysigings van die bepalinge van die opleidingskool sodat hierdie inrigting aan die doel waarvoor dit opgerig is, sal beantwoord. ⁴⁾

Stiemens het al sy kragte aangewend om onderwysers aan⁵⁾ te spoor om hulle kwalifikasies te verbeter. Sy planne is deur die Raad van Eksaminatore gesteun en hulle het 'n advies aan die Volksraad gerig.⁶⁾ Om onderwysers aan te moe-

/dig....

1) Inventaris R.1013/89 by R.493/88. Ds. S.J. du Toit en H. Stiemens aan die Regering. Pretoria. 31 Jan. 1889.

2) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid....", 59.

3) Not. V.R. 20 Mei 1889, Artikel 187.

4) Onderwysverslag oor 1887, 8. Vgl. ook: R.5327/89.

5) Ibid., 8.

6) Onderwysverslag oor 1887, 37, bylaag C.

dig om hulle kwalifikasies te verbeter, het Stiemens nog die volgende aanbevelings gemaak:

- i. Elke onderwyser wat 'n sertifikaat (3de klas) van die Raad van Eksaminatore verwerf, sal 'n jaarlikse toelaag van £50 ontvang;
- ii. besitters van 2de en 1ste klassertifikate sal onderskeidelik £100 en £150 ontvang.

1)

Hierdie aanbevelings is die volgende jaar herhaal. Skoolkommissies is ook aangemoedig om gekwalifiseerde onderwysers aan te stel. Daar is voorgestel om aan kommissies 'n ekstra subsidie van £50 ,£100 en £150 toe te ken indien hulle 'n onderwyser van die 3de, 2de of 1ste rang aanstel.

In 1889 is by die Volksraadsitting aan die regering voorgestel om ongediplomeerde onderwysers aan te moedig om hulle aan 'n eksamen te onderwerp deur meer subsidie aan gesertifiseerde onderwysers te betaal. Die Uitvoerende Raad het dieselfde dag die aanbeveling goedgekeur. Die Staatspresident het 'n paar dae hierna in die Volksraad verklaar dat hierdie maatreël die gevolg sou hê dat onderwysers dienaars van die wêreldlike mag sou word. Volgens die President was dit anders gesteld met die onderwysers aan die Staatskool, maar van die ander onderwysers het hy verklaar:

" De onderwijzers moeten dienaars zijn van de kerk en de gemeenten, volgens Heeren bevel, die de zorg der kinderen opdraagt aan de geestelijke macht." 2)

Dat daar onbekwame onderwysers is, het hy geredelik toegegee. Hulle was egter nog goed genoeg om die stryd teen die duiwel aan te knoop. Die Staatspresident het 'n paar dae later die Volksraad versoek om die Raadsbesluit af te keur, want hy het gevrees dat die kerk op die agtergrond.....

1) Onderwysverslag oor 1888, 7.

2) Not. V.R. 7 Junie 1888, Artikel 388.

grond geskuif sou word. Hy het erken dat wetenskaplike kennis belangrik is, maar volgehou dat onderwys in die godsdiens die duurste plig van die onderwyser is.¹⁾

Die president het bygevoeg dat 'n wetenskaplik opgeleide onderwyser vier tot ses jaar as die aangewese tydperk beskou om sy leerlinge 'n wetenskaplike sowel as 'n godsdienstige opleiding te besorg en daaraan toegevoeg:

"Voor dien tijd lang kan het gros der gemeente zijn kinders niet laten leeren. Zij kunnen ze niet missen. Ondersteunen wij nu alleen de geëxamineerde deur de extra-subsidie, wat wordt er dan van de godsdienst en de kerk. Men kan niet zeggen, dat ouders het onderwijs in de godsdienst wel zullen geven, evenmin alda men kan zeggen, zooals sommigen doen, dat het Hollandsch er van Zelf en zonder onderwijs in komt..."²⁾

Die President het die Raad aangeraai om beide die wetenskap en die godsdienst te ondersteun.³⁾ Die Raad het hom by hierdie versoek neergelê. Die waarnemende Superintendent het op 'n ander manier probeer deur die regering magtigings te vra om, waar hy dit nodig geag het, onderwysers op te roep om blyke van bekwaamheid te gee in die vakke waarvoor hulle verantwoordelik is.⁴⁾ Dit was 'n maatreef wat teen onbekwame onderwysers gerig is en 'n middel om bekwame onderwysers te kry. In 1890 is 'n omsendbrief aan onderwysers uitgestuur waarin hulle versoek is om eksamens af te lê indien hulle daarvoor opgeroep word. Die oproep self het agterweë gebly en toestande het onveranderd voortgegaan. By die Volksraadsitting van 1891 het J.J. Spies van Utrecht weer oor die aangeleentheid gepraat.⁵⁾ Die President het onmiddellik hierna verklaar dat hy meer as ooit teen so 'n stelsel.....

-
- 1) Floeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder ds. S.J. Du Toit en dr. N. Mansvelt. (1881-1900), 92.
 - 2) Ibid., 92-93.
 - 3) Not. V.R., 11 Junie 1889, Artikel 391.
 - 4) Onderwysverslag oor 1889, 9-10.
 - 5) Floeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder ds. S.J. Du Toit en dr. N. Mansvelt. (1881-1900), 93.

'n stelsel gekant is omdat 'n groot aantal kinders ongeleerd sou bly. Dit was vir die arm boer onmoontlik om sy kinders alles te laat leer. Die **P**resident het dit wenslik beskou dat hulle hulle kinders sover moes laat leer dat hulle 'n bietjie kon skryf, lees en reken en voldoende godsdienson-¹⁾derwys kon geniet.

Gegoede mense kon hulle kinders verder laat leer. Indien die Raad ten gunste van die voorstel was, sou 'n groot aantal kinders die voorreg om te leer, ontnem word. Kruger het beklemtoon dat godsdienst die fondament van die staat is. Indien 'n onderwyser bevoeg genoeg is om godsdienst te onderwys en dan nog die kinders kon leer lees, skryf en re-²⁾ken tot by st. 111, dan was die onderwys voldoende.

Statistieke toon dat daar op 31 Desember 1891 538 onderwysers aan gesubsidueerde skole verbonde was. Slegs 105 van hulle was in besit van 'n **sertifikaat**. Persone wat buitelandse sertifikate besit het maar nie bevoeg was om deur middel van Nederlands onderwys te gee nie, is buite³⁾ rekening gelaat. Baie Kaaplandse onderwysers het onder hierdie groep geval omdat kennis van die Nederlandse taal en Letterkunde vir hulle ~~nie van vereiste~~ was nie. Sommige⁴⁾ van hulle het sertifikate van verdienste gehad, terwyl sommige na 'n inspeksie 'n bewys van praktiese bekwaamheid⁵⁾ toegestaan is.

3. ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING IN TRANSVAAL. 1891 -1900.

a) DIE ONDERWYSWET VAN 1892:

Superintendent Stiemens was
/ te

- 1) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder ds. S.J. Du Toit en dr. N. Mansvelt. (1881-1900), 93.
- 2) **Mbtd. V.R.**, 15 Mei 1891, Artikel 61.
- 3) Onderwysverslag oor 1891, 9, par. 21.
- 4) Wet No. 1 van 1882. V.R.B., Art. 405, van 1885 en Onderwysverslag oor 1885.
- 5) O.R. 8488/95.

te oud om vir permanente benoeming in aanmerking te kom. Daar moes 'n permanente Superintendent van Onderwys aangestel word. Op 9 Februarie 1891 het die Staatsekretaris per brief die betrekking aan prof. Nicolaas Mansvelt, dosent in die moderne tale aan die Viktoria-Kollege, Stellenbosch, aangebied.¹⁾ Na heelwat onderhandelinge het Mansvelt die betrekking aanvaar en in Oktober 1891 in Pretoria aangekom om sy werksaamhede te begin.²⁾ Na sy diensaanvaarding het hy 'n reis onderneem om persoonlike indrukke van toestande te kry.³⁾ Die onderwystoestande was baie swak. Baie van die onderwysers was onbekwaam en nie vir hulle taak opgewasse nie. Mansvelt was 'n vurige ondersteuner van die Staatspresident en sy beleid, nl. moedertaalonderwys en die godsdienstige vorming van die jeug. Tydens die Paardekraalfeesvierings op 16 Desember 1891 het Mansvelt in 'n toespraak sy indrukke van die bestaande toestande en sy hervormingsplanne ten opsigte van onderwys en onderwysersopleiding geskets.⁴⁾

Die gevare wat die burgers van die Republiek bedreig, is opgenoem. Die instroming van ontwikkelde vreemdelinge in die land het by hom die gedagte laat opkom of die oorspronklike bewoners en erfgename van die land in staat sou wees om hulleself teen die uitlanders te handhaaf of dat hulle in die stryd sou ondergaan. Volgens hom was daar net een redmiddel om so 'n gevaar die hoof te bied. Dit was om

/deegliker

- 1) R.9474/98. Dr. W. J. Leyds aan Jonkheer Beelaerts van Blokland. Pretoria, 3 April 1891. Mansvelt is in 1852 te Wassenaar, 'n dorpie naby Den Haag, gebore. Na sy laerskoolopvoeding is hy na die bekende privaat normaalskool "De Klokkenberg" te Nijmegen om sy opleiding as onderwyser te ontvang. Hier het hy 'n goeie godsdienstige vorming ontvang. In 1871 het hy sy onderwyserseksamen afgelê. Hy word onderwyser in 'n Christelike skool te Horlingen. Hier het ds. Frans Lion Cachet hom ontmoet en beweeg om na Suid-Afrika te gaan.
- 2) Ibid..
- 3) Onderwysverslag oor 1891, 4-5.
- 4) Onderwysverslag oor 1891, 5.

deegliker onderwys en opleiding van eie onderwysers en amp-
tenare aan te pak.

In sy jaarverslag van 1891 wys Mansvelt op die sorgwek-
kende toestand in verband met die onderwysers en hulle be-
voegdhede. Hy beweer dat daar baie onderwysers in die Re-
publiek is wat slegs om persoonlike redes nog aangehou word.
In sommige plekke is onderwysers aangetref wat hulle eie
naam nie behoorlik kon skryf nie. In hulle briewe aan die
Departement van Onderwys kom in plekname twee of meer spel-
foute voor. Eenvoudige somme wat deur Boere uit die hoof
gedoen kon word, kon hulle nie eens skriftelik oplos nie.
Onderwysers wat nie weet dat 'n kwartaalstaat deur niemand
anders mog ingevul word nie, is seker nie geregtig om uit
die land se skatkis besoldig te word nie.¹⁾

Mansvelt het 'n omsendbrief aan onderwysers op staatsonder-
steunde skole gestuur om vas te stel wat hulle kwalifi-
kasies is. Volgens die antwoorde wat ontvang is, is vasgestel
dat van die 538 onderwysers slegs 105 'n onderwysertifikaat²⁾
en 5 'n akademiese graad besit het.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat nie slegs
die onderwys in die Republiek, maar veral die opleiding
van onderwysers baie swak was. Daar was 'n sterk hand no-
dig om sake reg te ruk en die belangrike saak op 'n behoor-
like grondslag te plaas. Hiervoor het die Superintendent
sy onderwyswet, Wet No. 8 van 1892, ontwerp en aan die Volks-
raad voorgelê.³⁾

Afdeling D van die Onderwyswet bevat bepalinge oor
die onderwysers en kwkellinge.

Artikel 2^e het die kwalifikasies van die onderwys-
/poste.....

-
- 1) Onderwysverslag oor 1891, Staatscourant 12/4/1892.
2) Ibid..
3) Not.V.R., 2 Junie 1892, Artikel 362.

poste as volg vasgestel:

- a) Die hoof van 'n middelbare skool moes in besit van 'n tweedeklas diploma wees.
- b) Die hoof van 'n laerskool moes in besit van 'n derdeklas-diploma wees.
- c) 'n Hulponderwyser moes in besit van 'n derdeklas-diploma wees.
- d) Die hoof van 'n laerskool mog gebruikmaak van 'n kwekeling.

Artikel 30 bepaal dat geen minderjarige persoon as hoof van 'n skool aangestel mag word nie en kwekelinge mag nie jonger as 14 jaar oud wees indien hulle vir subsidie in aanmerking wil kom nie.

Volgens artikel 31 moes persone wat hulle sertifikate elders verwerf het, hulle sertifikate aan die Raad van Eksaminatore voorlê as hulle in 'n dorpskool en aan die Superintendent van Onderwys as hulle in 'n wykskool 'n betrekking verlang.

Alle onderwysers aan ondersteunde skole moes, voordat hulle as sodanig erken word, aan die Superintendent bevestigende bewyse voorlê dat hulle lede van 'n Protestant-Christelike kerk en van goeie sedelike gedrag is.¹⁾

Vir elke 30 leerlinge moet daar aan elke skool 'n bevoegde onderwyser wees wat ten minste 25 uur per week in dieselfde skool onderwys gee.²⁾

Waar die aantal leerlinge minder as 46 beloop, het die kommissie die reg om 'n kwekeling as hulp vir die onderwyser aan te stel. Waar die getal meer as 45 maar minder as 60 is, kan twee kwekelinge aangestel word as daar nie reeds 'n hulponderwyser is nie.³⁾

As kwekelinge kan alleenlik leerlinge in aanmerking kom wat die diploma van die eksamen van die Skoolwedstryd behaal het. (Art. 37).

Vir elke kwekeling wat die derdeklas onderwysers-eksamen suksesvol aflê, ontvang die hoof van die skool
/waar

1) Artikel 33.

2) Artikel 35.

3) Artikel 36.

waar die kwekeling opgelei is en van wie hy daarvoor vir twee jaar onderwys ontvang het, 'n honorarium van £20. Die uitbetaling geskied alleen op 'n skriftelike verklaring van die landdros of veldkornet dat die onderwyser werklik op die honorarium aanspraak het. (Art. 38).

Artikel 39 maak ook voorsiening dat honorariums van verdienste aan getroue onderwysers uitbetaal kan word. In Artikel 40 word die term „onderwyser” vir beide manlike en ¹⁾ vroulike persone bedoel.

Die wet het ook voorsiening vir die oprigting van 'n ²⁾ inrigting vir die opleiding van onderwysers gemaak. Hierdie inrigting sal die naam van Gimnasium dra en sal voorsiening maak vir vier departemente, waarvan een vir Opvoedkunde sal wees. ³⁾ Aan hierdie opvoedkundige departement sal slegs studente wat in besit van die derdeklas-onderwyssertifikaat ⁴⁾ is, toegelaat word.

Hierdie wet sou op die 1ste Januarie 1893 in werking tree. ⁵⁾ Aan die einde van hierdie jaar het die Superintendent vasgestel dat daar uit 'n totaal van 389 onderwysers ⁶⁾ slegs 82 gekwalifiseer was. Daar was nog 34 wat sertifikate gehad het, maar hierdie sertifikate het nie aan die

/vereistes

1) Wet Nr. 8, 1892. Not. E.V.R. 2 Junie 1892, Art. 362.

2) Art. 47(c) maak voorsiening vir die opleiding van Onderwysers in die Staatsschool.

3) Art. 49. Die vier departemente is:-

- a. Klassieke,
- b. Wetenskappe,
- c. Opvoedkunde en
- d. Landbou.

4) Art. 52.

5) Art. 77.

6) Onderwysverslag oor 1893. Staatscourant 2/5/1894.

Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand tot 1899, 177.

vereistes van die eksamens van die Suid-Afrikaanse Repu-
1)
blik voldoen nie.

Dr. Mansvelt pleit in sy verslag vir die voorsiening
van beurse en opleidingsfasiliteite vir die onderwysers.

„Ik beschouw het dan ook voor ons nationaal onder-
wijs van het grootste belang, dat er terstond maat-
regelen genomen worden om onse eigen onderwijzers
en onderwijzeressen te vormen, zoodat wij niet langer
van den onzekeren en in meer dan een opzicht minder
gewenschte toevoer uit het buitenland afhankelijk be-
hoeven te zijn". 2)

Vervolgens stel die Superintendent voor dat daar spoe-
diglik 'n aantal beurse - sowat 20 - in die lewe geroep
moes word en verder

„zou ik wenschen voor te stellen, de opleiding dien
kwekelingen tot onderwijzers en onderwijzeressen in
verband te brengen met onze reedsbestaande inrichtin-
gen - de Modelschool, het Staatsgimnasium en de
Hoogere en Modelschool voor meisjes waaraan het met
enig overleg gemakkelijk zal zijn een cursus voor on-
derwijzers te verbinden." 3)

Die meeste onderwysers kom uit die buiteland en het
hulle opleiding ooreenkomstig die behoeftes en vereistes
van hulle geboorteland ontvang en dit neem tyd om by die
4)
nuwe omstandighede van die Republiek aante pas.

Die Superintendent was van oortuiging dat hy deur mid-
del van so 'n maatreël daarin sou slaag om onderwysers
plaaslik op te lei. Hy het gehoop dat sy eie stelsel die
stempel van die Republiek sou dra wat sou bydra tot die on-
afhanklikheid van die Republiek.

(b) DIE SUPERINTENDENT SE REIS NA NEDERLAND.

Hierdie strewe van prof. Mansvelt om die Transvaalse
onderwys en die opleiding nasionaal te maak en dit by die
volksaard te laat aanpas, het hom daarna laat strewe om die
Hollandse gees in die onderwys te versterk, om dit as teenwig
/teen

-
- 1) Schutte: Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels
van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Trans-
vaal. 1838 - 1942, 49.
 - 2) Staatscourant van 2 Mei 1894.
 - 3) Ibid., 2 Mei 1894.
 - 4) Schutte: Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels
en Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Trans-
vaal 1832 - 1942, 50.

teen die toenemende Britse invloed in die onderwys te gebruik. Hy was dus nie gretig om onderwysers en dosente uit die Kaapkolonie in te voer nie. Hy het dosente vir die gimnasium dringend nodig gehad om uitvoering aan sy opleidingsplanne te gee. Maar die Kaaplandse onderwys en onderwysers was so verengels dat hy dit nie wou waag om sy dosente daarvandaan te werf nie. Die enigste uitweg was om die toevlug na Nederland te neem. By die Volksraadsitting van 2 Junie 1892 is dan ook 'n brief van die Superintendent voorgelees.¹⁾ In hierdie skrywe het hy aan die regering voorgestel om hom verlof te gee om na Europa te gaan om in oorleg met die gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Nederland die nodige personeel vir die gimnasium te werf. Hy het ook 'n salaris van £800 vir elke dosent en 'n ietwat hoër salaris vir die rektor voorgestel. Die voorstelle van die Superintendent is aangeneem en die salarisse is op £850 vir die rektor en £700 per jaar vir elke dosent vasgestel.²⁾

Gedurende die laaste week van sy verblyf in Holland het prof. Mansvelt sy vriende dr. H.G. Breyer en H. Reinink, dosente in klassieke tale aan die Teologiese skool van die Christelike Gereformeerde Kerk te Kampen, beweeg om onderskeidelik vir die poste van dosent en rektor aansoek te doen.³⁾

Die benoemings is deur die Uitvoerende Raad goedgekeur onderhewig aan die voorwaarde dat Reinink eers moes promoveer voordat sy aanstelling bekragtig word. Kort hierna het hy aan die Amsterdamse Universiteit gepromoveer en in Julie 1893 in Pretoria aangekom.⁴⁾ Die regering het magtiging verleen om dr. Reinink tydelik as rektor te benoem omdat hy nog nie dertig jaar oud was nie. Sodra hy 30 jaar /oud

1) Not. V.R. 2 Junie 1892, Artikel 346. R.5991/92 by R.5770/92. Superintendent van Onderwys - Regering 31 Mei 1892.

2) Not. V.R. 2 Junie 1892, Artikel 346.

3) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881 - 1900), 201.

4) Ibid., 201.

oud was, sou hy in permanente hoedanigheid benoem word. ¹⁾

Superintendent Mansvelt het ook nie gehuiwer nie en op sy aanbeveling is gelyktydig met drr. Reinink en Breyer W. Louis, 'n oud-Nederlander, as plaasvervangende rektor en dosent in Wiskunde aan die Staatsgimnasium aangestel. Daar is ook besluit om nog 'n dosent in Nederlandse Taal en Letterkunde te benoem. Indien moontlik moes hierdie pos aan 'n Afrikaner gegee word. ²⁾

Die Superintendent het sy beleid met 'n sterk hand deurgevoer, maar met hierdie laaste aanbeveling lyk dit asof hy probeer het om kritiek, dat hy net sy landgenote benoem, af te weer. Voor sy vertrek uit Nederland het hy 'n persoonlike onderhoud met die Nederlandse Minister van Binnelandse Sake gehad. ³⁾ Hy het 'n aansluiting tussen die staatsgimnasium en die universiteite in Nederland bepleit, sodat studente wat hulle eindeksamen aan die Staatsgimnasium afgelê het sonder 'n toelatingseksamen hulle studies in Nederland kon voortsit. Hierdie moontlikheid was in die verlede net tot besitters van die Cape Town University intermediaire sertifikaat en 'n paar ander buitelandse instellings beperk. ⁴⁾ Die Minister was simpatiek gesind en het die Superintendent versoek om 'n leerplan en 'n lys van dosente van die Staatsgimnasium aan hom te stuur. In 1894 is die gevraagde aan gesant Beelaerts van Blokland gestuur en is hy versoek om te help

„in onze pogingen om die Transvaalsche jeugd in nationalen geest op te leiden en voor dergelijke

/vreemde

1) Not. V.R. 13 Mei 1893, artikel 82.

2) R. 5327/89 by R. 5770/92. Staatsekretaris - W. Louis, 18 April 1893.

Uitvoerende Raad besluit, 14 April 1893, artikel 224.

3) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881 - 1900), 202.

4) Ibid., 202.

1)

vreemde invloeden te bewaren. "

Sy afkeur van vreemde, bedoelende Engelse invloed, kom nie net hierin uit nie, maar in dieselfde skrywe het die Superintendent verklaar dat s studie in die Kaap nie hoër as dié in Transvaal was nie. Die Nederlandse regering kon dus maar aan die studente van die Gimnasium toelating gee. In September 1896 het die Nederlandse regering besluit om

,het getuigschrift van met goed gevolg afgelegd
eindeksamen der afdeeling A van het Staatsgymnasium te Pretoria"

as voldoende kwalifikasie vir toelating aan die Nederlandse universiteite te erken.

2)

Die Superintendent het daarin geslaag om die Nederlandse invloed as middel te gebruik om Engelse invloed uit te skakel. Die kroon is op sy ywer en trou geplaas toe die Universiteit van Utrecht op 17 Januarie 1894 die eregraad van doktor in Lettere aan hom toegeken het.

3)

(c) POGINGS OM DIE TEKORT AAN ONDERWYSERS AAN TE VUL.

In die jaarverslae van 1893 en 1894 het die Superintendent baie deeglik op hierdie saak ingegaan. Hy het die noodsaaklikheid van die opleiding van jong Transvalers vir onderwysers(-esse) bepleit en die volgende voordele beklemtoon:-

- (i) Voorziening van die lang bestaande behoefte aan deeglik gekwalifiseerde leerkragte;
- (ii) die versterking van die nasionale element by die onderwysers(-esse);
- (iii) die onderwysstelsel sal hierdeur gouer sy eie stempel dra;
- (iv) die seuns en dogters van die land sal met die nodige kennis gewapen word om hulle teen vreemde invloede te handhaaf.

/Die

-
- 1) Beelaerts-argief No. 884. Superintendent van Onderwys - Beelaerts van Blokland. Pretoria, 6 Januarie 1894.
 - 2) Beelaerts-argief, No. 1142, diverse dokumente.
 - 3) Beelaerts-argief, No. 864. Beelaerts van Blokland - dr. H.C. Debbits, 23 Januarie 1894.

Die Superintendent het vir hierdie doel 20 beurse voorgestel. Die Volksraad was met hierdie voorstel ingenome. Op 6 September 1894 is daar 20 beurse van £60 elk opsy gesit. ¹⁾

'n Dag later is 'n pos vir die hoof van die tehuis vir kwekeling-onderwysers goedgekeur en die salaris aan die pos verbonde op £250 per jaar vasgestel. ²⁾

Die beurse het nogal groot belangstelling gewek. Drie-en-dertig applikasies is ontvang. Hiervan is elf aan seuns van die Staatsmodel- en nege aan dogters van die Staatsmeisieskool toegeken. ³⁾

Mansvelt het in sy verslag oor 1894 weer van die tekort aan onderwysers melding gemaak en voorgestel om nog 20 beurse vir die opleiding van onderwysers beskikbaar te stel. Hy wou die beurseregulasies so wysig dat beurse aan dorpskole vir kinders tussen die ouderdomme 12 en 16 en buiteskole tussen 11 en 18 beskikbaar sou wees. Hierdie voorstelle moes voorlopig vir die Volksraadsitting van 1896 wag toe daar verdere stappe in verband met die opleiding van onderwysers gedoen is.

Die invoer van onderwysers van buite die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek het op verskillende besware gestuit. So is daar in 1894 in verband met onderwysers uit die Kaapkolonie die volgende besluite deur die Uitvoerende Raad geneem: ⁴⁾

- (i) Daar sou geen gelykstelling tussen die skoolwedstrydeksamen van die Suid-Afrikaanse Republiek en die School Elementary Examination van die Kaapkolonie wees nie, omdat so weinig van die vakke gedeeltelik of geheel ooreengestem het.
- (ii) Die Transvaalse derdeklas-onderwyserseksamen en die School Higher Examination is min of meer gelyk gestel, maar besitters van die School Higher

/moes

1) Not. V.R. 6 September 1894, Artikel 1606 a.

2) Not. V.R. 13 September 1894, Artikel 1897.
R.D. Collins was die eerste hoof.

3) Onderwysverslag oor 1894. 18.

4) 2 Augustus 1894, Artikel 412 a.

moes 'n aanvullingseksamen in die volgende vakke aflê:

Bybelse geskiedenis, Nederlands lees, resitasie, vormleer, Geskiedenis, Opvoedkunde, praktiese onderwys, Natuurkunde en Sang.

Nog 'n voorwaarde was dat hulle in die Kaaplandse eksamen Nederlands moes neem.

- (iii) In verband met die derdeklas-onderwyserssertifikaat teenoor die Third Class Teachers' Certificate is bepaal dat 'n aanvullingseksamen in die volgende vakke afgelê moes word: Bybelse geskiedenis, Nederlandse lees, resitasie, vormleer, Geskiedenis, Suid-Afrikaanse Aardrykskunde en Natuurkunde.
- (iv) Ten opsigte van die Transvaalse tweedeklas-onderwyserssertifikaat en die Middle Class Teachers Certificate was die vereiste 'n aanvullingseksamen in: Bybelse geskiedenis, Nederlandse lees, vormleer, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, beknopte wêreldgeskiedenis, Suid-Afrikaanse Aardrykskunde en in besonder dié van die Suid-Afrikaanse Republiek en dan ook nog die beginsels van Wiskunde en Natuurkundige Aardrykskunde.
- (v) In verband met die Transvaalse eersteklas-onderwyserssertifikaat en die Intermediate Examination in Arts. University of Good Hope was die aanvullingsvereistes die volgende: 'n Eksamen in Nederlandse Taalkunde, Nederlandse Letterkunde, Algemene Geskiedenis, Natuurkunde, Natuurlike Geskiedenis, Onderwysleer en Sang.

'n Aantal vereistes in verband met die akademiese kwalifikasies het hierna gevolg.¹⁾

In 1894 is daar ook 'n aantal vereistes vir onderwysers wat uit Nederland na Transvaal kom, vasgestel.²⁾

Hulle moes aanvullingseksamens aflê om hulle kwalifikasies met dié van Transvaalse onderwysers gelykwaardig te kry.

Mansvelt het die instroming van verengelse Kaapse onderwysers teëgewerk deur onderwysers uit Nederland te werf en in sekere Kaapsgeoriënteerde kringe in die Republiek het die Superintendent se houding kritiek uitgelok. Ook die anti-regeringsblad, Land en Volk, het die onderwysbeleid sterk gekritiseer. So skryf die blad in verband met die

/Meisieskool

1) Lugtenburg: Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek (1838 - 1900), 200.

Meisieskool in Pretoria:

„De school wordt gebruikt als 'n middel om die Afrikaners gansch en al te verpletteren en te verdrukken, ten voordeele van de Hollanders".¹⁾

Die Superintendent het op 'n skrywe van een van die ontevredenes verklaar dat Afrikaners wat bevoeg is om deur Nederlands goed en deeglik onderwys te gee en daarby van die regte gesindheid is, tot die seldsames behoort.²⁾ Die beskuldiging dat hy Nederlandse onderwysers bevoorreg, het hy in dieselfde antwoord as volg weerlê:-

„Het is een laag uitvindsel van menschen die geen waarachtig nationaal gevoel bezitten en wien het volkomen onverschillig is, of de Union-Jack of wel de Vierkleur over de Transvaal waait, dat ik tegen Afrikaners en voor Hollanders ben. Elk Afrikaner, die de vereischte bekwaamheden bezit en omtrent wiens gezindheid ik geen wantrouwen koester, heeft bij mij de voorkeur zelfs boven mijn eigen oorspronkelijken landgenooten".

Dr. Mansvelt het in 'n ander skrywe³⁾ hom onomwonde as volg oor die Kaaplandse onderwysstelsel en - onderwyser uitgelaat:-

„Het stelsel van onderwijs in de K.K. is zoo Engelsch en angliceerend, dat er naar mijn ervaring en overtuiging, maar weinigen zijn die dat stelsel geheel kunnen doorloopen, zonder hun Afrikaanschen zin en sympathie geheel of gedeeltelijk bij in te boeten. Komen zij later nog tijdig onder goede invloeden, dan acht ik het niet onmogelijk hen te bekeeren, doch zonder die gunstige omstandigheden beschouw ik dat de groote meerderheid voor onze zaak verloren gaat."⁴⁾

Die Superintendent het sy afkeur van die Kaaplandse onderwysers ook in 'n skrywe aan die uitgewer van die „Nieuwe Republikein", 'n Vryheidse koerant wat die onderwysbeleid verdedig het, uitgedruk.⁵⁾ Hy beweer dat aan die hoof van die meeste dorpskole Koloniale Afrikaners

/staan.....

-
- 1) Land en Volk: 1/3/94.
 - 2) Leyds Argief: Superintendent van Onderwys - P.R. Viljoen, 3 September 1894.
 - 3) L.A. 696: Superintendent van Onderwys - N. Hofmeyr. 4/4/1894.
 - 4) Baie onderwysers uit die Kaapkolonie en O.V.S. het hulle aansoeke om betrekkings in die Z.A.R. in Engels geskryf. Hierdie briewe is geweier.
 - 5) L.A. 696: Superintendent van Onderwys - A. von Levitzow. 4 Julie 1895.

staan wat hoegenaamd geen vakopleiding geniet het nie en eers langamerhand deur skade en skande ten koste van die leerlinge wys word. Sy grootste beswaar teen hierdie onderwysers is dat hulle 'n heeltemal Engelse opvoeding geniet het en Hollands as bysaak geleer en beskou het.

Die vraag wat nou ontstaan, is in hoeverre die Superintendent onderwysers uit die Kaapkolonie geweier het. Statistieke toon dat daar in 1898 die groottotaal van 1830 onderwysers in diens van die Suid-Afrikaanse Republiek was, ¹⁾ waarvan 349 uit die Kaapkolonie afkomstig was.

Die Hollandse onderwysers was nie in dorpe en op die platteland waar die politiek of kerklik Engels- of Kaaps-georiënteerde groepe die botoon gevoer het, welkom nie. ²⁾

Om 'n beter houvast te kry, het die Superintendent op 'n oulike manier aan kommissies van dergelyke skole Hollandse onderwysers verskaf. Daar het natuurlik hier en daar wrywing tussen Kaaplandse en Nederlandse onderwysers ontstaan, maar volgens die Superintendent het dit slegs uit broodnyd voortgevloei.

Die uitsending van onderwysers uit Nederland is gedurende hierdie jare deur die Fonds ten behoeve van die Hollandsch Onderwijs in Zuid-Afrika gereël. Tussen 1893 - 1895 is daar 18 onderwysers(-esse) deur hierdie vereniging

/na

- 1) Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836 - 1907, 201.

Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881 - 1900) gee die getalle as volg:

Kaapse onderwysers:	364.
Nederlandse "	: 279.
Transvaalse "	: 134.

- 2) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881 - 1900), 299.

1)

na Suid-Afrika gestuur!

Die dagbestuur van die Fonds het bestaan uit W. Baron Roëll, ds. W.H. Gispen en Frank van Lennep. F. van Lennep was die sekretaris van die vereniging wat die onderwysers ondersoek het voordat hulle by die Transvaalse Departement van Onderwys aanbeveel is. Die onderwyser het op eie risiko na Suid-Afrika vertrek terwyl die Fonds hom 'n minimum voorskot van £60 gegee het.

Die Superintendent het gereeld met Fonds kontak gehou. Toe F. van Lennep verneem dat die Superintendent teenkanting ontvang het omdat hy sy landgenote by aanstellings voorkeur gee, het hy in 'n skrywe aan die Superintendent gevra of dit nog moontlik was om Nederlandse onderwysers in die Republiek se skole aan te stel. Die Superintendent het geantwoord dat daar as gevolg van die kunsmatige opgesweepte antipatie teen Nederlandse onderwysers min kans vir hulle is om as hoofde van dorpskole aangestel te word. Een van die ander redes waarom hulle nie geskik vir dorpskole is nie, is omdat hulle nie in Engels bedrewe is nie. Indien hulle inspekteurs van onderwys wou word, moes hulle ook in staat wees om Engels te beoordeel. Om die opposisie nie 'n stok in die hand te gee nie, was die Superintendent verplig om voorkeur aan Afrikaners te gee. Nieteenstaande genoemde feite, is hier 'n mooi toekoms vir Nederlandse onderwysers in die Republiek. Die Superintendent versoek dat daar veral streng gelet word op die godsdienssin van die onderwysers.²⁾ Hierin sien ons dat die Superintendent die agting van die President en die regering wou behou deur 'n tipe onderwyser in te voer wat aan die eise van die Transvaalse bevolking sou voldoen. Hierdie persone sou hulle plekke sonder kritiek kon volstaan en die Superintendent versterk in sy beleid van werwing in /Nederland.

1) Mej. C.S. Roodhuyzen, die eerste direktrise van die Staatsmeisieskool te Pretoria, en die bekende skrywer J. Lub was onder hulle.

2) L.A. 698. 20 Julie 1894.

Nederland. Sy grootste oogmerk, die uitskakeling van Engelse invloed, sou op die manier verwesenlik word.

Op hierdie manier is daar weer ses Nederlandse onderwysers na die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur. Vier van hulle het gelyktydig in Pretoria aangekom. Om kritiek uit te skakel, het die Sekretaris van Onderwys hulle teruggestuur om later een - een terug te kom.¹⁾

Die Superintendent was teen hierdie tyd baie versigtig om sy beleid deur te voer en wou nie 'n fout begaan nie. Hy versoek die „Fonds“ om nog eens baie versigtig te werk te gaan met die keuring van onderwysers. Daar moes baie deeglik ondersoek ingestel word ten aansien van Bybelkennis en godsdienstige gesindheid,

„ omdat zoo ontzaglijk veel van deze zaak afhangt en m.i. de handhaving van het godsdienstig onderwijs onder onze menschen een sine quo non is voor het welslagen van ons streven d.i. de handhaving van het Hollandsch Afrikaansch element in Zuid-Afrika.“²⁾

Die Nederlandse onderwysers het dus in 'n mate aan die tekort aan onderwysers in die Republiek voorsien, maar aan die begin van 1895 het die Transvaalse Onderwysdepartement in 'n moeilike posisie ten opsigte van onderwysers verkeer omdat daar ook 'n tekort aan onderwysers in Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Nederland was.³⁾

Die Superintendent het die regering versoek om geld te voorsien sodat drie Transvaalse seuns opgelei kon word. Die Uitvoerende Raad was ten gunste van die voorstel, maar was nie by magte om geld toe te staan nie. Nog 'n moeilikheid was dat die fondse van F. van Lennep ook uitgeput was omdat die uitgestuurde onderwysers nie hulle lenings terug-

/betaal

1) L.A. 698: Dr. N. Mansvelt - Frand van Lennep. Maart 1894.

2) Onderstreping deur dr. N. Mansvelt.

3) O.R. 436/95, 18 Januarie 1895. Superintendent van Onderwys - Staatsekretaris.

betaal het nie.¹⁾ Dr. Mansvelt het beloof om te help en die regering versoek om £1000 ter verkryging van onderwysers uit die buiteland beskikbaar te stel.²⁾ Die Superintendent het gehoop om deur middel van reisvoorskotte die beste leerkragte te trek om die jeug van die Transvaal in nasionale sin op te voed. Die Volksraad het hierdie aanbeveling laat oorstaan totdat die rapport van die Onderwyskommissie beskikbaar sou wees.³⁾

(d) DIE OPLEIDINGSINRICHTINGS.

1. DIE STAATSGIMNASIUM.

Een van die belangrikste datums in die geskiedenis van die Transvaalse onderwys is die 15de Augustus 1895, die dag⁴⁾ waarop die opening van die Staatsgimnasium plaasgevind het. Op hierdie datum het Transvaal doelbewus met die res van Afrika gebreek en 'n poging aangewend om die Engelse onderwysstelsel, wat sy stempel op die ander state afgedruk het, te verwerp. Transvaal het gepoog om 'n eie opleiding te vorm, wat op die vasteland van Europa gebaseer was. Nog voor die opening van die Staatsgimnasium het inspekteur C.G. de Jonge die ouers aangemoedig om hulle seuns na hierdie inrigting te stuur. Dit was nie meer nodig om hulle na die Kaapkolonie te stuur vanwaar hulle bedorwe teruggekeer het nie.⁵⁾

Die personeel is as volg saamgestel:

Dr. H. Reinink (rektor), dr. H.G. Breyer (Natuurkunde),
J. Bergmans (Nederlands en klassieke tale), W.A. Macfadyen

(Engels)

1) L.A. 696. Dr. N. Mansvelt - Frank van Lennep.
12 Junie 1895.

2) R. 6921/95 in R.2666/95. Superintendent van Onderwys -
Staatsekretaris, 15 Julie 1895.

3) Not. V.R. 26 September 1895, Artikel 1329.

4) V.V.O.O.Z.A. - gedenkboek, 82.

5) Die Volksstem, 29 April 1893.

(Engels en Logika) en W. Louis (Wiskunde).¹⁾

Die eerste 23 leerlinge, van wie ³ beurse ontvang
het, is op 14 Augustus 1893 toegelaat.²⁾ Op 15 Augustus
het die opening plaasgevind.³⁾

Negentien van die leerlinge het met hulle kursusse be-
gin. Hulle is in twee groepe verdeel, nl. die wat na hulle
studie aan die gimnasium van plan was om in die regte,
teologie, ens. te studeer en dié wat landmeter, ingenieur
of amptenaar wou word. Daar is voorsiening gemaak vir 'n
opvoedkundige departement, maar omdat studente alleen hier-
toe toegelaat sou word as hulle in besit van die derdeklas-
Onderwyserssertifikaat was, was dit duidelik dat baie min
studente van hierdie departement gebruik sou maak. Die
Gimnasium het dus nie onderwysers opgelei nie. Die Superin-
tendent maak in sy jaarverslag van 1895 melding van die feit
dat dit moeilik is om die normaalklasse aan die gimnasium
te verbind.

„Ik acht dat het meer gewensht is, de theologiesche
opleiding van onderwijzers en onderwijzeressen in een
of meer lokalen der Modelschool te doen geven. De
practische vorming kan plaats vinden in de klassen der
model- en Meisjesschool”.⁴⁾

Die opleiding van onderwysers word op hierdie manier
aan die laerskole toevertrou.

2. DIE STAATSMODELSKOOL.

In Februarie 1873 is die gesant van die Suid-Afrikaanse
Republiek in Nederland in kennis gestel dat 'n modelskool
geopen word. 'n Hoofonderwyser met die nodige bevoegdhede
/moet

1) De Volksstem, 22 Julie 1893. Kyk ook: Uitv. Raads-
besluit, 14 April 1893, Artikel 224.

2) De Volksstem, 16 Augustus 1893.

3) Die Staatspresident, voorsitter van die Volksraad en die
Superintendent het by die geleentheid die bestuur en
inrigting seënwense vir die toekoms toegewens.

4) Staatscourant der Z.A.R., 828, 29.4.1896.

moet gevind word. Aan hierdie hoof word besonder hoë eise gestel omdat hy aan die hoof sou staan van die enigste modelskool in die Republiek en later miskien sou deelneem aan die opleiding van onderwysers omdat die regering hoop om mettertyd 'n opvoedkundige departement of normaalklas op te rig.¹⁾ Die hoof moet van positiewe christelike oortuiging wees.

'n Rukkie later skryf dr. W.J. Leyds 'n tweede brief waarin hy meedeel dat die Uitvoerende Raad besluit het om 'n hoof aan te stel. Hy raai die gesant aan om prof. dr. J.W. Gunning van Leiden en prof. M. Noordtzij van Kampen te raadpleeg oor 'n geskikte persoon. So 'n persoon moes ook Engels ken, want dit sal sy prestige verhoog en 'n goeie indruk van sy opvoeding gee.²⁾

Op 1 April 1893 het F.W. Wagner, hoof van 'n skool te Hilversum, om die betrekking aansoek gedoen. Hy is in die pos aangestel en het op 1 Augustus 1893 sy werksaamhede in Pretoria aanvaar.³⁾

Deur studiebeurse beskikbaar te stel en huisvesting te voorsien, het die skool gou gebloei. In 1893 was daar 'n personeel van 7 werksaam. Aanvanklik was die leerlingtal 122 wat teen die einde van 1894 na 150 gestyg en op 1 Januarie 1896 na 300 aangegroei het.⁴⁾

Aan die begin van 1895 was daar 223 leerlinge wat in vier klaskamers en 'n ou winkel onderwys ontvang het. Onder sulke omstandighede was dit onmoontlik om die aandag aan die opleiding van onderwysers te gee.⁵⁾

Die vooruitgang is merkwaardig, want in 1894 het reeds

/23

1) Wet No. 8 van 1892, Artikel 71.

2) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881 - 1900), 352.

3) O.D.228, bb. 1031/93. 31 Julie 1893.

4) O.D. 261. O.R. 1024/95.

5) O.D. O.R.304/95. Superintendent van Onderwys - Staatsekretaris. B. 15 Januarie '95.

23 leerlinge in die toelatingseksamen van die Staatsgimnasium geslaag en in dieselfde jaar is die dogters wat die Modelskool besoek het na 'n nuwe inrigting, die Staatsmeisieskool, oorgeplaas.¹⁾

Hierdie skool het die taak van die opleiding van onderwysers hierna kragdadig aangepak. Begin 1898 was daar 22 kwekelinge in die drie normaalklasse. Sewe van hulle het in September die derdeklaseksamen afgelê en daarna met hulle studies vir die tweedeklassertifikaat voortgegaan.²⁾

3. DIE STAATSMEISIESKOOI.

Die Superintendent van Onderwys het in 1893 'n vergadering in Pretoria gehou om die wenslikeheid van die stigting van 'n deeglike skool vir meisies in Pretoria te bespreek. 'n Komitee is benoem om verder op die saak in te gaan en daar is gou eenstemmigheid bereik.³⁾ Die Superintendent het kort hierna sy standpunt ten opsigte van die opvoeding van dogters aan die Staatsekretaris per brief gestel en gesê dat van

„toekomstige moeders van burgers van dezen Staat, 'n groote mate het voortbestaan onzen Nationaliteit afhangt.“⁴⁾

Die Onderwyskommissie se verslag van 1893 het ook die wenslikheid van deeglike onderwys vir meisies benadruk. Daar moet voorsiening gemaak word vir die oprigting van 'n skool vir meisies in Pretoria waarheen buiteouers hulle dogters met vertroue kon stuur. So 'n skool moes voorsiening maak vir die opleiding van onderwyseresse.⁵⁾

/Indien.....

1) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881 - 1900), 354.

2) Staatscourant 13.9.95.

3) De Volksstem, 17 Junie 1893.

4) R.7388/93 in R.4913/93. 19 Junie 1893.

5) Not. V.R. 6 September 1894, Artikel 1600, 17.

Indien daar so 'n inrigting opgerig word, sou Trans-
vaal nie langer van die buiteland afhanklik wees nie en
kan ouers hulle dogters plaaslik laat oplei en koste en
moeite om hulle na oorsese inrigtings te stuur, uitskakel. 1)
2)

Hierdie voorstelle is deur die Volksraad goedgekeur.
Interessant is dit dat die Staatspresident aanvanklik teen-
stand gebied het. 3) Die President was nie ten gunste van
geleerdheid vir vroue nie. Hy het gevrees dat geleerde
vrouens hulle huislike pligte sou versuim en daarom die
grondslae van die gemeenskap sou ondermyn. Tog is die in-
rigting op 17 Oktober 1894 geopen. Die President het die
dieper oorsake as volg saamgevat:

„De Staat moest het onderwijs ondersteunen en toe-
sien dat het in degelijken en Christelijken geest
werd geleid, maar de Staat mocht niet treden in den
Godsdienst en als er ooit iemand als hoofd van den
Staat wilde optreden en orders geven in Godsdienstige
Zaken dan was hij een anti-christ. De Staat onder-
steunde deze school en het Staatsgymnasium alleen om
onderwijzers en onderwijzeressen en ambtenaren te
verkrijgen, daartoe waren deze staatsscholen opgericht,
maar verder waren het onderwijs aan de kerschoolen
overgelaten en die zouden door de Regering steeds
gesteund worden". 4)

Mej. O.S. Roodhuysen het aan de hoof van die skool,
wat 'n bloeitydperk tegemoet gegaan het, gestaan. Die
skool is met 78 leerlinge geopen. Hierdie getal het vermeer-
der sodat daar in Maart 1895 reeds 110 meisies, van wie
21 kosgangers, op die register was. Daar was 9 meisies wat
studiebeurse om onderwyseresse te word, ontvang het. 5)

Die getalle het steeds toegeneem sodat daar in

/September

1) Onderwysverslag 1893, 8 en 9.

2) V.V.O.O.Z.A. - gedenkboek, 90 - 91.

3) O.D. 230 O.B. 4878/94. Superintendent van Onderwys -
Mev. Kruger, 11 September 1894.

4) De Volksstem, 20 Oktober 1894.

5) Onderwysverslag oor 1894, 16.

September 1895 129 en in Maart 1896 172 leerlinge was.¹⁾
 Ongelukkig het die hoofonderwyseres op hierdie stadium trou-
 planne gekry en moes sy vervang word. Weer eens het die
 Superintendent sy toevlug tot Nederland geneem. Dit was 'n
 belangrike pos, want die hoofonderwyseres was verantwoorde-
 lik vir die opvoeding van die dogters van die vernaamste
 burgers van die land. Sy moes die toekomstige onderwyser-
 esse vorm en vir hulle belangrike taak voorberei. Vandaar
 dat daar sulke hoë eise aan haar gestel is. As vereistes
 is verder gestel die Nederlandse akte van bekwaamheid as
 hoof, bevoegdhede in Frans, Duits, Engels en kennis van
 klavierspel. Sy moes van Christelike oortuiging, sonder
 dwepery en metodisme wees; beskaafde maniere, takvolle op-
 treding en kennis van huishuisadministrasie besit. Mej.
 A.E. Adriani het aan die vereistes voldoen en teen die ein-
 de van 1896 het sy in Pretoria aangekom en met haar werk-
 saamhede begin.

Die opleiding van die onderwyseresse het onder die
 nuwe hoofonderwyseres glad verloop. In 1897 het die ge-
 noemde 9 jong dames die derdeklas-onderwyserseksamen afge-
 lê en 8 van hulle het geslaag. In 1898 het 13 deelgeneem
 en 12 het geslaag. In dieselfde jaar is nog 'n onderwyseres
 benoem en nou kon studente vir die tweedeklas-sertifikaat
 voorberei word.³⁾ In 1899 het 3 kandidate in hierdie eksamen
 geslaag.⁴⁾ Hierdie inrigting het met sy werksaamhede voort-
 gegaan en tot met die uitbreek van die oorlog is 43 onderwy-
 sersesse opgelei.⁵⁾

(e) OPLEIDING VOLGENS DIE KWEKELINGSTELSEL.

Die kwekelingstelsel is deur hoofde van skole aange-
 /moedig...

-
- 1) Onderwysverslag oor 1895, 73.
 - 2) L.A.696. Superintendent van Onderwys - Mnr. Frank
 van Lennep. 13 Augustus 1896. Besonderhede oor
 mej. Adriani is hierin vervat.
 - 3) Staatscourant der Z.A.R. 13.9.1899. Verslag van die
 Superintendent oor die Staatsmeisieskool.
 - 4) Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.
 Republiek. 1838 - 1900, 225.
 - 5) V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 92.

moedig omdat hulle met 'n honorarium vir elke onderwyser¹⁾ wat volgens hierdie stelsel opgelei is, begunstig is.

Dié stelsel het gou veld gewen en die skoolstelsel was een groot normaalskool, waarin al die gekwalifiseerde onderwysers²⁾ die personeel was. Die jaarverslae van die Superintendent van Onderwys toon dat daar 'n vinnige toename van hierdie kwekelinge gedurende die laaste jare van die Republiek was. So vind ons in 1895 34, in 1897 48 en in 1898³⁾ 86 kwekelinge.

Die kwekeling het gedurende die skoolure onder toesig van die hoof van die skool as assistent opgetree en dan nog ten minste een uur per dag onderrig in die eksamenvakke ontvang. Die kwekelinge het hulle metodiek slaafs van hulle onderwysers oorgeneem. Dit is 'n suiwer Engelse metode van opleiding wat van die grondlêer van die stelsel, dr. Kay-Shuttleworth, direk deur Holland oorgeneem is. Van Holland is hierdie metode van onderwysersopleiding na Transvaal oorgebring en toegepas.

Hierdie metode van opleiding is nog verder deur Wet No. 14 van 1896, Artikel 7, aangemoedig. Hierdie wet het bepaal dat daar aan kwekelinge 'n salaris van £3 per maand toegeken word in skole waar daar tussen 20 en 30 leerlinge was. Miskien is dit hieraan te danke dat die getal kwekelinge vinnig toegeneem het en dat daar nou hoop was om in die dringendste behoeftes van die Republiek te voorsien.

Kritiek teen hierdie metode van opleiding is dat dit 'n baie eng en eensydige opleiding was. Die kwekeling se vorming het afgehang van die bevoegdheid, kennis en bekwaamheid van sy onderwyser. Die vernaamste gedeelte van die /opleiding

1) Wet No. 8 van 1892, Artikel 38.

2) Staatscourant der Z.A.R., 29.4.96, 25.5.98 en 13.9.99.

3) Staatscourant der Z.A.R., 29.4.96, 25.5.98 en 13.9.99.

opleiding het bestaan uit waarneem en klasgee. Hierdie kwekeling moes leer deur te doen. Daar was nie tyd vir voorligting, afrigting, studie en bespreking nie. Die geleentheid om met verskillende skole en onderwysers in aanraking te kom, het ontbreek. Die teoretiese kennis van Sielkunde, organisasie, administrasie, tug en dissipline moes maar deur waarneming van die onderwyser se optrede afgelei word.

Om hierdie posisie effens te verhelp, het die Superintendent van Onderwys dan ook in 1897 in sy jaarverslag voorgestel dat daar op verskillende middelpunte in die land normaalklasse in die lewe geroep word waar van staatsweë deur bevoegde persone op vasgestelde tye onderwys aan alle persone wat hulle daarvoor aanmeld en die nodige voorbereiding daarvoor ontvang het, gegee moes word.¹⁾ Die werk is egter nie uitgevoer nie.

(f) VERDERE POGINGS OM ONDERWYSERS OP TE LEI.

Die Vereeniging van Onderwysers en Onderwyseressen in^{de} Suid-Afrikaanse Republiek wat teen die einde van 1892 tot stand gekom het, het op 'n vergadering van 6 tot 9 April 1893 die swak toestand van die opleiding van onderwysers in die Suid-Afrikaanse Republiek bespreek. Die gedagte is uitgespreek om 'n kweekskool op te rig waar die seuns en dogters van die land hulle opleiding kon ontvang.²⁾

Aangesien die opleiding deur die Staatsmodelskool en Staatsmeisieskool nie in die behoeftes van die land kon voorsien nie, is daar gedurende die jare 1896 - 1899 herhaaldelik oor die opleidingsvraagstuk uitgewei.

Nieteenstaande die behoeftes om eie onderwysers(-esse) op te lei, het die regering onder leiding van die Superintendent nie entoesiasme aan die dag gelê nie. Die kwekelingstelsel en die twee inrigtings waar onderwysers(=esse)

/opgelei

1) Staatscourant der Z.A.R., 25/5/1898.

2) V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 19.

opgelei is, is blykbaar as voldoende beskou. In 1897 is 'n konsepwet om 'n kweekskool te stig deur die Volksraad afgekeur. Die konsepwet is van belang, want aan die kweekskool

„Zullen de kwekeling-onderwijzers, die beursleerlingen zijn, en aan de eischen van Std. V hebben voldaan, gedurende drie jaar systematisch en methodisch onderwezen worden, ter voorbereiding voor het onderwijzers-examen 3e klasse en, indien zulks later nodig blijkt, ook voor de hoogere onderwijzersexamens." 1)

Die belangrikheid van praktiese vorming is ook in die konsepwet belliggaam. Daar is bepaal dat kwekelinge gedurende die laaste jaar van hulle kursus 'n minimum van 8 uur per week moet wy aan praktiese werk aan 'n skool in Pretoria onder toesig van die hoof en sy assistente of 'n onderwyser van die kweekskool.

Die Superintendent het nie inisiatief aan die dag gelê vir meer opleidingsinrigtings nie en het self getuig dat dit nie nodig was om 'n aparte inrigting in die lewe te roep nie. 2) Hy was eerder ten gunste van werwing en voorsiening van onderwysers uit Nederland om in die behoeftes van die Republiek te voorsien.

In 1897 het die normaalklasse van die Staatsmodelskool hulle eie geboue betrek. Nou het hulle beskik oor

„Een volledige welingerichten school te hunner beschikking, met klassen en parallelklassen om zich in de praktyk van het onderwijs te oefenen onder toezicht van een bekwaam en betroubaar kritikus". 3)

Indien die uitbreek van die Engelse oorlog in 1899 die werksaamhede nie onderbreek het nie, kon hierdie deel van die inrigting miskien later tot 'n selfstandige opleidingskool ontwikkel het.

Vir die eksamen wat gedurende 1899 afgelê sou word, was die getalle as volg:

/derdeklas-sertifikaat..

1) Not. V.R. 1896, Artikel 316.

2) Not. V.R. 1898, Artikel 112.

3) Staatscourant der Z.A.R., 13/9/1899.

Derdeklas-sertifikaat.

2de klas.

1ste klas.

126

47

7

1)

Gedurende 1897 was daar in Nederland 'n oorproduksie van onderwysers wat hulle opleiding aan die Christelike Normaalskole ontvang het. Die aanvraag deur dr. Mansvelt kon bevredig word deur 'n deeglike keuring van applikante sodat daar in die Transvaal 'n kern van deeglike onder- 2) wysers gevorm kon word „die hun afkomst eer zullen aandoen”.

Die Staatsekretaris het hom verheug dat so baie leer- kragte na die Republiek gekom het. Hy is oortuig daarvan dat die aanvalle in die Volksraad op die onderwysstelsel

„hoofdzakelijk hunne oorzaak vinden in de wetenschap der tegenstanders, dat er geen grooter slagen toegebracht kunnen worden van het streven dergenen die door Engelsch of Kaapsch-Engelsch onderwijs de natie willen verkrachten, dan door het invoeren van flinke, voor geen klein gerucht vervaard zijnde onderwysers uit Holland.”

Die Sekretaris van Onderwys voeg by:

„Dit is zeker: Als de Hollandsche onderwijzers door hun onderwijs het volk nie voor verengelsing kunnen bewaren, dan zouden alle maatregelen, die overigens genomen worden, ook geen doel treffen”. 3)

Die Departement van Onderwys het meer onderwysers aangemoedig om na die Republiek te kom om hierdie doel te verwesenlik. Met die uitbreek van die Anglo-Boeroorlog in 1899 was daar ongeveer 300 Nederlandse onderwysers(-esse) in die 4) Zuid-Afrikaansche Republiek werksaam.

Wat was die posisie van hierdie onderwysers met die uitbreek van die oorlog? Op 3 Oktober 1899 het die Uitvoerende Raad besluit dat alle staat- en gesubsidieerde skole met terugwerkende krag vanaf 1 Oktober 1899 as gesluit beskou sou word. Aan alle onderwysers en kwekelinge in gesubsidieerde skole sou 'n vaste maandelikse toelae uitbetaal word, mits hulle op een of ander wyse in diens van die staat /sou.....

1) Staatscourant der Z.A.R., 13/9/1899.

2) L.A.693: Tweede verslag van Fonds ten behoeve van het Hollandsch Onderwijs in Zuid-Afrika, Amsterdam April 1897.

3) L.A.696: Dep. van Onderwys - H.J. Emous, 21 Feb. 1898.¹¹

4) L.A.691. Sup. van Onderwys - H.J. Emous, 29 Des. 1899.

1)
sou wees.

Die Superintendent en personeellede van die Departement, hoofde, onderwysers(-esse) van staatskole, is op 12 Oktober 1899 salariskortings voorgeskryf wat ook vanaf 1 Oktober van krag sou wees.²⁾

Die meeste van die Hollandse onderwysers wat liggaamlik geskik was, het by die Republikeinse magte aangesluit en vir hulle nuwe vaderland geveg, terwyl die meeste van die Engelse onderwysers spoorloos verdwyn het.

(g) SLOT.

Ten besluite kan vermeld word dat daar met die uitbreek van die oorlog 'n mate van vooruitgang op onderwysgebied en die opleiding van onderwysers gekonstateer kan word. Die weg vir verder ontwikkeling is gebaan en, indien die Superintendent sy aandag van Nederland wou wegneem, kon sake tot hulle reg kom.

Dr. Mansvelt het alles in sy vermoë gedoen om Engelse invloed uit die Transvaalse stelsel te weer, en het veral van die invoer van Hollandse leerkragte gebruik gemaak om as 'n bolwerk teen onderwysers wat onder Engelse invloed in die buurstate opgelei is, te dien. Hy het 'n uitstekende geleentheid laat verbygaan om die Republiek van binne sterk te maak deur opleidingsinrigtings op te rig om sodoende genoeg onderwysers vir die skole in die Republiek op te lei.

Deur die feit dat hy die oë op Holland gevestig het, het hy wel Engelse invloed in die Republiek teëgewerk en byna totaal uitgeskakel, maar aan die ander kant nie daarin geslaag om 'n eie nasionale stelsel op te bou nie; intendeel, hy het die hele onderwysstelsel op Hollandse lees

/geskoei.

1) Hoofde: £10 (getroud), £5 (ongetroud); Assistent £7.10.0 (getroud), £4 (ongetroud); Kwekelinge £2.

2) Uitvoerende Raadsbesluit, 6 Oktober 1899, Artikels 922 en 936 van 12 Oktober 1899.

geskoei. Die Superintendent wat aan die hoof van die onderwys gestaan het, was 'n Hollander; die meeste inspekteurs was Hollanders; die hoofde van die Staatsgimnasium, model- en meisieskool, sowel as die meeste assistente was Hollanders. Die leerplanne, leerboeke, trouens die hele stelsel was deur en deur Hollands.

So 'n stelsel was nie vir die Transvaal in alle opsigte nadelig nie, maar dit was in sy wese 'n onafrikaanse stelsel wat noodwendig nie sou kon voortbestaan nie en later tog reaksies sou uitlok.

-----oOo-----